# Die

# Erediens



# *Inleiding: Die Erediens van die Lewe*

"Die erediens van die lewe..." Wat 'n pragtige en veelseggende tema! As Christene glo ons immers dat ons hele lewe 'n erediens tot eer van God is. Die erediens is nie net die uur of wat op 'n Sondag waar ons as gelowiges bymekaar kom nie. Die erediens op 'n Sondag moet die uitvloeisel, en in 'n sekere opsig die hoogtepunt, van 'n hele lewe van opregte, liefdevolle diens aan God Drie-enig en ons medemens wees. Die Sondag erediens moet weer op sy beurt ons toerus, aanspoor en bemoedig om die lewe in te gaan en diensbaar te wees.

As dit nie so is nie, as ons enigste uitlewing van ons geloof Sondag by die kerk is – dan sal ook dit gou uitloop tot 'n blote ritueel om kort voor lank sy waarde te verloor.

Die erediens op 'n Sondag en die erediens van die res van ons lewe kan nie van mekaar geskei word nie. Daarom mag ons ook nie maar net koud en klinies deur die "stappe van die erediens" gaan sonder om die impak, nuttigheid, doel en diepte daarvan te ervaar nie. Die uitgangspunt van die gereformeerde liturgie (die handelinge of verloop binne die erediens), is dat dit 'n *dinamiese liturgie* moet wees. 'n Geesvervulde liturgie, waar die verlossingswerk van Jesus Christus en die Almag van God die Vader deur die Gees in elke lidmaat se hart ingedra word. 'n Dinamiese gesprek tussen God en sy kinders, 'n lewende ontmoeting! Die erediens moet lewe, want ons dien nie 'n koue dooie God nie, maar die lewende Drie-enige God!

'n Dinamiese Geesvervulde ontmoeting met God (die erediens) gaan oor veel meer as net die oppervlakkige blote "belewenis" binne die erediens. Iets wat in soveel kerke plaasvervangend gebruik word in 'n desperate poging om bg probleem aan te spreek.

Mag ons elkeen opnuut bewus word deur hierdie beskeie poging vir die diepte van die gereformeerde liturgie en hoe dit 'n impak op al die verhoudings in ons lewe het. Eerste met God – en daarna ook met die mense om ons.

Die doel van hierdie paar weke is nie om 'n volledige, teoretiese uiteensetting van elke aspek van ons liturgie te gee nie. Daarom word daar ook net op sekere aspekte gefokus, met spesifieke fokus op hoe dit in verskillende verhoudings in ons lewe na vore moet kom.

Vir die inhoud van hierdie studies gee ek grotendeels erkenning aan aan Ds. Fanie Coetzee en Ds Jacques Tredoux van die Gereformeerde Kerk

# *Hoe om die studie te gebruik*

Vir die volgende 5 weke gaan ons die "erediens" behandel as deel van 'n opgewonde program vir die hele gemeente om:

- † Die erediens en belangrikheid van die erediens te verstaan
- † Die hele res van die week erediens te hou
- † Te poog om die gemeente weer opgewonde te maak om die erediens gereeld by te woon.

**<u>Om die studie reg te gebruik moet u uself tot die volgende verbind:</u>**

1. Vir 5 dae van die week is daar elke dag 'n dagstukkie wat behandel moet word by u stiltetyd of huisgodsdiens.
2. Op die Saterdag of Sondag – u kan kies – om dan saam met u gesin of ander gemeentelede te gesels oor die week se tema's. Elke week hanteer 'n spesifieke aspek van die erediens.

Al tyd wat dit dus van u gaan eis is = 10 minute p.d. vir 5 dae vir 5 weke tydens u stiltetyd

= 30 min 1x per week saam met u gesin.

# Week 1:

# ’n Lewe van erediens



## Week 1 – Dagstukkie 1

### DIE EREDIENS EN DIE LEWE AS EREDIENS



**Lees: Psalm 100**

Mag ons nooit vergeet watter wonderlike voorreg ons het om aan ‘n gemeente te behoort en om elke Sondag die luuksheid te mag he om God in die erediens te ontmoet nie.

’n Erediens is geleentheid waar die gemeente van Jesus Christus saamkom en op ’n besondere manier in gesprek kom tree met hulle hemelse Vader. In die opsig is die erediens baie spesiaal. Dit ’n geleentheid waar ons as gemeente binne ons verhouding met God saamkom om Hom te aanbid en te eer.

Hierdie verhouding het sy bestaansreg alleen maar in die versoening wat God se Seun tussen Hom en die mense moontlik gemaak het. Ons moet daarom nooit bewondering verloor vir die voorreg wat ons as gelowiges het om so bymekaar te mag kom nie. Die erediens is en bly ’n besondere geleentheid.


- Die erediens ’n geleentheid van GESAMENTLIKE aanbidding. Buiten my eie persoonlike godsdiensverhouding en belewing is die erediens ’n geleentheid waar ek saam met ander gelowiges kan aanbid.
- Die erediens is ’n AFSONDERINGSBYEENKOMS. Te midde van die gejaagde lewe begin ek my week deur saam met die gelowiges bymekaar te kom om God te aanbid. Die erediens is anders as my daaglikse lewe. Ons sonder ons af, maak doelbewuste tyd en berei ons voor vir die geleentheid.
- Die erediens moet vir my ’n byeenkoms van BLYDSKAP en DANKBAARHEID wees. Om God te dien moet ’n vreugde en blydskap wees. (Ps.100:1) Ten diepste is my bywoning van die erediens iets wat ek doen om dankie te sê vir die voorreg wat ek het om God met vrymoedigheid te kan dien.

Dit alles gesê moet ons nie vergeet dat die erediens nie maar ’n statiese gebeurtenis is wat bloot uit sekere formele handelinge (liturgiese handelinge) bestaan waardeur die gemeente moet gaan nie. Die erediens is ’n baie meer as dit.

Dit is ’n gebeure (“happening”) wat in ’n bepaalde plek en tyd plaasvind wat uniek is. Geen twee eredienste kan dieselfde wees nie. God kom ontmoet op ’n bepaalde Sondag Sy gemeente. Volgende Sondag is weer ’n ander tyd in die geskiedenis van God en die lewe van die mense wat saamkom in die erediens. Ons glo dat die lewende God vandag nog op ‘n besondere manier met Sy gemeente praat deur sy Woord en deur sy Gees.

Die erediens is dus ’n geleentheid , ’n voorreg, maar ook ’n opdrag wat ons nie durf laat verbygaan nie.

Aan die ander kant mag ons godsdiens nie opgaan in slegs die eredienste nie. Die erediens mag nie beperk word tot dit wat ons in daardie uur op ‘n Sondag doen nie. Die erediens moet verder gaan. Sondae se erediens is iets van ’n oefening, ’n instemming, ’n voorgereg, ’n toerustingsgeleentheid, ’n herlaaipunt of ’n vulstasie vir die gelowige se lewe in die res van die week.



### *Knoop vas!*

Sondae se erediens is die klimaks waaruit en waartoe ek my lewe as ’n voortdurende erediens beleef.

Elke liturgiese handeling in ’n erediens wat binne in die vier mure van die kerkgebou plaasvind moet verseker ook buite die vier mure van die kerkgebou in die lewe van die gelowige plaasvind. Ons kan tog nie net in die erediens onder die seënende hand van die Here lewe nie. Ons kan tog nie net in die erediens lofsange sing en ons geloof bely nie. Ons kan tog nie net in die erediens ons voor die Here verootmoedig, sy Woord aanhoor, Hom aanbid ensovoorts nie.

Die lewe van die gelowige een groot erediens. Afsonderlik en gesamentlik leef ons hier op aarde om God te dien. Ons dien die Here in ons hele lewe met blydskap en met oorgawe.

Uiteindelik deel ons nou reeds in iets van die ewige erediens wat reeds begin het en na die wederkoms van die Here sal voortgaan in ewigheid en volmaaktheid wanneer ons in Sy teenwoordigheid sal lewe om Hom te dien. Alles tot Sy eer.

Mag hierdie studies daartoe lei dat ons begrip en belewing van die erediens op Sondae versterk word maar veral ook dat ons aktief met ons hele lewe ’n EREDIENS sal beleef.



## *Doending*

Skryf neer watter van die liturgiese handelinge (seën, lofprysing, geloofsbelydenis, verootmoediging, Skriflesing, Woordverkondiging, gebed, offergawe ens.) het die afgelope week buite die erediens in jou lewe plaasgevind? Begin aan die hand daarvan ’n “liturgie vir jou lewe” beplan. Dit wil sê, maak tye in jou lewe om aan die verskillende liturgiese handelinge in jou lewe aandag te gee.



## *Verdere Skriflesing*

1 Petrus 4:1-7
Romeine 12:1-2

# Week 1 – Dagstukkie 2

## LEWENSONTMOETINGS MET GOD



**Lees: Hebreërs 10:19-23**

Voor die koms van Jesus Christus in die Ou Testament was dit glad nie so maklik vir die volk om met vrymoedigheid na God toe te kom om Hom te ontmoet nie.

God was in sy heiligheid ver verhewe bo Sy volk. Onbereikbaar. Daar was altyd die skeiding en die afstand. Dit is duidelik gemaak deur die voorhangsel wat die Heilige en die Allerheiligste dele van die tempel van mekaar geskei het. Eers nadat dierebloed as offers gevloei het, en slegs een keer per jaar, kon die hoëpriester namens die volk in die Allerheiligste ingaan.

Jesus Christus se koms na die aarde en Sy verlossingswerk aan die kruis het die prentjie egter verander. Hy het in hierdie wêreld van ons ingekom om God se teenwoordigheid sigbaar te maak. Hy het tussen mense kom woon. Hy het die pad na God toe oopgemaak.

"Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur Sy liggaam."(Hebr.10:20) Deurdat Sy bloed aan die kruis gevloei het, is die voorhangsel in die tempel middeldeur geskeur. Die deur na God toe het oopgeswaai vir elkeen wat deur Jesus Christus na Hom wil gaan.

Daarom kan ons vandag in eredienste met vrymoedigheid tot God nader. Ons kan as gemeente saamkom en sonder om bang te wees die Here ontmoet. Ons kan kom met 'n opregte hart en volle geloofsekerheid.


Onthou net dat dit nie beteken dat God in sy heiligheid verander het nie. Hy is wie Hy is en Hy moet steeds in die waarheid en deur sy Gees aanbid en verheerlik word. Ons is met niks anders in die erediens besig as om die heilige God te ontmoet, na Hom te luister, Hom te eer en te aanbid nie.

Mag dit tog nooit so word dat ons eredienste vervlak tot 'n blote menslike, horisontale byeenkoms waar die respek vir God en sy Woord nie meer bestaan nie. Waar dit meer oor my gaan as oor Hom. Of waar die erediens gereduseer word tot 'n konsert om die mens te dien nie. Die erediens mag niks minder wees as 'n ontmoeting met die lewende God in 'n bepaalde plek en tyd nie.

Ons ontmoetings met God is egter nie net beperk tot eredienste en tot byeenkomste in kerkgeboue nie. Paulus moes dit aan die Atheners duidelik maak dat God, wat die

wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, die Here van hemel en aarde is, en Hy woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie. (Hand.17:24)

Salomo, met die ingebruikneming van die tempel, verklaar: "Sou God werklik op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het! (1Kon.8:27)



*Knoop vas!*

Die voorreg om God in die erediens te ontmoet moet voortgesit word in 'n leefwyse in doelbewuste teenwoordigheid van die Here.

In die opsig is die hele lewe 'n erediens waarin ons God ontmoet en in 'n verhouding met Hom lewe.  Die ontmoetings met God vind nie net sporadies plaas nie, ook nie net in eredienste nie, maar die gelowige word geroep om voortdurend voor die Aangesig van die Here te wandel. (Gen.17:1)

Dit is soveel te meer duidelik as ons besef dat die Heilige Gees van God in ons harte kom woon het met die uitstorting van die Heilige Gees.  Hy het letterlik in ons kom tent opslaan.  Ons leef in sy teenwoordigheid waar ons ook al gaan.

Daarom moet ek doelbewus daagliks tye afsonder om Hom op te soek.  In my binnekamer, rondom die eetkamertafel, saam met mede gelowiges, by Bybelstudies of waar ookal.

Die ontmoeting met God gaan selfs verder as die afsonderlike tye.  Ek moet hom aanbid en dien op alle plekke en tye.  So word my lessenaar, my studeerkamer, my lande, my hele plaas en my gesinskamer "kerkgeboue" waar ek God ontmoet.

So word ons ontmoeting met die Here in erediens 'n ontmoeting wat nie net om 09h00 Sondagoggend plaasvind nie, maar 24/7, elke dag van die jaar en tot in alle ewigheid.



## *Doending*

Skryf êrens waar jy gereeld beweeg vir jouself 'n nota wat jou herinner dat jy besig is om die Here by jou werk te ontmoet en te dien. Dit kan by jou lessenaar, in jou bakkie of in jou werkswinkel wees – enige plek waar jy dit die heeltyd sien.



## *Verdere Skriflesing*

1Korintiërs 10:23-33
Genesis 32:21-32

# Week 1 – Dagstukkie 3

## LEWENSONTMOETINGS MET MEKAAR



### Lees: Hebreërs 10:23-25

In die erediens ontmoet gelowiges mekaar.

Dit gaan in die erediens oor die gemeente van die Here wat Hom persoonlik ontmoet en in gesprek met Hom tree. Net so min as wat ons God uit die erediens kan uithaal en steeds dink dit is ’n erediens, net so min kan ons die gelowiges uit die erediens uithaal en steeds dink dit is ’n erediens.

As daar nie mense is wat aan God die eer bring nie, wat help alles dan? Vir wie preek die predikant dan en wie besing dan die lof van die Here? Leë kerkbanke loof nie die Here nie, inteendeel, dit skreeu die Evangelieboodskap dood.

Dit gaan dus in die erediens ook oor die mense. Oor die spesifieke mense wat daar teenwoordig is. Oor medegelowiges wat elkeen van sy of haar plek gekom het om mekaar te ontmoet en saam met ander gelowiges die Here te eer en te dien. Oor mense wat deur die Here op hierdie bepaalde tyd en plek in ’n verhouding met mekaar geplaas is om saam die geloofspad te loop.

Dit gaan oor broers en susters wat een Vader en een Verlosser het en deur een Gees saamgebind is in die huisgesin van God. In die erediens bid ons saam, bely ons saam, sing ons saam en lees ons saam. Daar bid ons vir mekaar en hier help ons mekaar en dra ons, inspireer ons mekaar om hartlik saam te sing. In die ontmoeting en saamwees word ons hegter aan mekaar vasgebind en versterk ons mekaar se geloof.


Ons kan gerus meer daarvan maak dat die erediens ook ’n ontmoeting met mekaar is. ’n Ontmoeting met mekaar waar ons saam ons Here ontmoet.

Die Hebreërprediker koppel die vrymoedige ontmoeting met God deur Jesus Christus ook aan die ontmoeting van gelowiges aan mekaar. Hy roep die gelowiges op om nie van die samekomste van die gemeente af weg te bly nie.

Hy brei nie verder uit nie omdat dit nie vir die lesers onduidelik was wat hy bedoel nie. Hy gebruik ’n seldsame woord om die byeenkoms aan te dui. ’n Woord wat Paulus ook in sy eerste brief aan die Tessalonisense gebruik om die saamkom van die gelowiges met die wederkoms te beskryf. Die samekoms van gelowiges hier is immers ’n voorafskaduwing van die finale saamkom van alle gelowiges in die teenwoordigheid van die Here.

Hy roep die gelowiges op om na mekaar om te sien, mekaar aan te spoor en mekaar aan te moedig om die byeenkomste by te woon. Dit is baie duidelik dat gelowiges vir mekaar moet verantwoordelikheid neem – ook ten opsigte van die saamkom in eredienste.

Natuurlik moet hierdie omgee vir mekaar en hierdie saamleef in die geloof met mekaar vanuit die erediens ook verder praktyk in ons lewens word.



## Knoop vas!

Dit gaan in die erediens ook oor die ontmoeting van gelowiges met mekaar. Dit is immers die gemeente wat saamkom om die Here te ontmoet. Hierdie ontmoeting van die gelowiges moet verder in die lewe plaasvind sodat ons mekaar kan help om die Here met ons hele lewe te dien.

Gelowiges moet daarom ook moeite doen om mekaar buite die erediens te ontmoet. Voor die diens en na die diens. Ons moet moeite doen om na mekaar toe te gaan, mekaar te groet en mekaar by te staan.

Ook wanneer ons mekaar onbepland ontmoet moet ons as gelowiges saamleef en vir mekaar omgee. Ons loop mekaar raak by die veiling, by die skool, by die NTK. Ons ontmoet mekaar in vergaderings en dien soms op dieselfde komitees.

Hierby kom die voortdurende ontmoetings tussen gelowiges in dieselfde gesin en familie. Hierdie ontmoetings kan soms moeilike ontmoetings wees wat tyd en moeite vra veral as daar spanning in verhoudings is.

In die lewe moet ons as gelowiges moeite doen om mekaar as gelowiges te ontmoet. Ons moet ons omring met ander gelowiges wat ons in die lewe kan bystaan.

Ons is vir mekaar gegee om die geloofspad saam te loop en ons moet die voorreg gebruik. Ons moet na mekaar omsien, mekaar aanspoor, mekaar bemoedig, nie net om eredienste by te woon nie, maar ook om saam die Here in ons lewens te dien. Dit het tog weinig waarde dat ons mekaar oortuig om ’n slag ’n erediens by te woon en ons slaag nie daarin om mekaar aan te spoor om, soos wat die wederkoms nader kom, die Here in ’n lewende verhouding te dien nie.



## Doending

Kyk Sondag in die erediens wie rondom jou sit. Gaan gesels op die stoep Sondag ‘n bietjie met iemand anders, iemand wat jy dalk glad nie ken nie. Probeer om êrens in die week tyd te maak om jou verhouding met ‘n medegelowige te versterk



## Verdere Skriflesing

1 Tessalonisense 4:9,10
1 Korintiërs 12:12-27

## Week 1 – Dagstukkie 4

### LEWENSONTMOETINGS MET DIE WÊRELD



**Lees: 1Korintiërs 14:23-25**

Miskien is die gedagte dat die erediens ook 'n ontmoeting met die wêreld is, vir jou 'n vreemde gedagte.

Ons het reeds daaroor besin dat die erediens 'n ontmoeting met God en ook 'n ontmoeting met mekaar as gelowiges is. Vandag dink ons daaroor dat die erediens op 'n besondere manier ook iets van 'n ontmoeting met die wêreld is.

Hierdie stelling beteken nie dat die erediens se agenda of die wyse van inrigting deur die wêreld bepaal moet word nie. God bepaal dit. Daar sal dus altyd, soos wat daar 'n onderskeid is tussen lig en duisternis, 'n andersheid en uniekheid wees in die wyse hoe gelowiges saamkom om God te aanbid. En hiervoor moet ons nooit skaam wees. Of dit probeer aanpas by die wêreld soos baie kerke wil nie.

In die erediens sal daar handelinge plaasvind wat gelowiges alleen kan doen en alleen, o.g.v. hulle geloof in Jesus Christus, op aanspraak kan maak en kan verstaan - soos die seën van die Here, die doop en die Nagmaal. In die erediens sal daar in geloofstaal gepraat word oor begrippe wat die wêreld nie sal verstaan nie, soos sonde, verlossing en heiligmaking. In die erediens moet daar altyd 'n atmosfeer van heiligheid wees wat God-waardig is.


Tog mag ons nie vergeet dat ons erediens in hierdie wêreld van God plaasvind nie en dat ons baie meer gemeenskaplik het met die wêreld as wat ons soms dink. Dit begin al by die besef dat ek net soos alle ongelowiges uit myself nie gered kan word nie. Ek is net soos elke sondaar 'n geestelike bedelaar. Al verskil is dat ek uitgevind het waar om brood te kry.

Ek lees dieselfde koerant, staan onder dieselfde owerheid, word beïnvloed deur dieselfde ideologie en tydsgees en praat dieselfde taal as die ongelowiges. Al verskil is dat ek die ander perspektief van die koninkryk van God ook het.

Daarom moet die wêreld, vir wie God so liefgehad het dat hy sy eniggebore Seun gegee het, op die agenda van die gelowiges in die erediens wees. Ons moet die wêreld as't ware in die erediens inbring. In ons gebede, in wat aktueel is vir die prediking, in ons gasvryheid en openheid moet die wêreld met vrymoedigheid kan inkom in die erediens.

Ons eredienste mag nie so wêreldvreemd wees dat dit eksklusief is vir enige een behalwe vir ons wat al jarelank lidmaat van die gemeente is nie.

Paulus noem aan die Korintiërs amper terloops, so asof dit vanselfsprekend is, dat wanneer ongelowiges of buitestanders in die erediens inkom, hulle moet kan verstaan wat daar plaasvind sodat hulle in hulle gewete aangespreek kan word en tot selfondersoek kan kom.  Ongelowiges het skynbaar gereeld hulle eredienste bygewoon en dit behoort so vandag nog te wees.



### *Knoop vas!*

In die erediens en vandaar af in die lewe moet ons as gelowiges die ongelowige wêreld ontmoet sodat hulle ook aan God voorgestel kan word.

Miskien dink ons nie aan die erediens as ’n ontmoeting met die sondige wêreld nie, omdat die geestelike nood van die sondige wêreld nie in ons alledaagse lewe vir ons ’n werklikheid is nie.  Die erediens moet tog ook in die verband ’n uitwerking hê op ons daaglikse omgang met die ongelowige wêreld.

Wanneer ons Sondag vir Sondag in eredienste hoor dat die kerk ‘n sending en Evangelisasie opdrag het, dan moet ons dit in die week gaan uitvoer.  Dan moet ons die ongelowige wêreld gaan ontmoet en vir die ander bedelaars gaan vertel waar ons brood gekry het.

Ons ontmoet die wêreld buite die erediens op verskillende maniere.  Wanneer ons in ons motor klim en na die diens ry, ry ons saam met die ongelowiges op dieselfde pad. Ons werk saam met ongelowiges, sit saam op skoolbanke en in klaskamers.  Ons koop hulle produkte en is selfs vriende met ongelowiges.

Wanneer ons dit begin doen sal ons mense moet begin saamnooi na eredienste toe en sal ons eredienste ook moet voorsiening maak vir mense wat nog nie in ’n persoonlike verhouding met God en met gelowiges lewe nie.

Godsdiens, en dit sluit die erediens in, mag nooit ontvlugting uit hierdie wêreld word nie.  Inteendeel, godsdiens is juis die middel waardeur God hierdie wêreld wil bereik en bedien.
As gelowiges word ons geroep om die sout en die lig vir hierdie wêreld te wees.



## *Doending*

Word vriende met ’n ongelowige met die bedoeling om vir hom te vertel waar jou verlossing vandaan kom.  Bring hom of haar saam na die erediens toe.



## *Verdere Skriflesing*

Filippense 2:1-18
1 Petrus 2:9-12

# Week 1 – Dagstukkie 5

## LEWENSONTMOETINGS MET DIE SKEPPING



**Lees: Jesaja 65:17-25**

Is dit nie te ver gegaan om te beweer dat ’n erediens ook ’n ontmoeting met die skepping van God is nie?

Elke erediens vind op ’n bepaalde datum in die jaar plaas. Op daardie dag en uur is dit soms warm, soms koud, soms skyn die son en soms reën dit. Soms waai die wind liggies en soms is dit onplesierig.

Die temperatuur bepaal hoe ek gaan aantrek en die weersomstandighede bepaal soms selfs of ek ie erediens gaan bywoon of nie. Dit is algemene kennis dat verskillende seisoene en verskillende weerpatrone verskillende invloede op mense se gemoedstoestand het.

Natuurrampe het ’n geweldige invloed op die mense wat ’n spesifieke erediens bywoon. Mense mag dalk bang of hartseer wees of met nuwe verwagting na die lewe kyk, afhangende van wat in die natuur gebeur.

Ons bely immers dat God Hom deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld openbaar. Dit is voor ons oë soos ’n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, duidelik laat sien. (NGB art.2)


Miskien is dit omdat ons in ’n gerieflike kerkgebou vergader waar ons die temperatuur kan beheer en die elemente kan uitsluit dat ons nie ’n erediens as ’n ontmoeting met die skepping meer so intens beleef nie.

Verder ontmoet ons die skepping binne-in die Woord van die Here. Die Bybel is vol voorbeelde waar die skepping gebruik word om te verduidelik wie God is en wat God se wil vir ons lewe is. Wanneer God Hom in sy Woord openbaar gebruik Hy beelde wat die mens verstaan, naamlik beelde uit die skepping. Hy is so standvastig soos ’n berg en Hy gee lewe soos ’n rivier. Sy gelowiges moet soos lig en sout wees. Ons moet na Hom hunker soos ’n bok wat na waterstrome smag.

In die erediens moet ons in ons gebede, vanuit die skepping ons gedagtes op God se grootheid plaas. Verder moet ons in gebede ons verantwoordelikheid teenoor die skepping in ons harte en gedagtes plaas. Ons moet herinner word dat ons die verantwoordelikheid van God ontvang het om die skepping te bewoon, te bewerk en te beheers.

Saam moet ons as gelowiges in die erediens treur oor die onreg wat die skepping aangedoen word en moet ons die perspektief van ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde verkondig en ons eie maak.

Die implikasie daarvan is dat ons iets van die nuwe aarde onder die nuwe hemel moet sigbaar maak in ons lewe elke dag. Die skepping en ons ontmoeting met die skepping van die Here moet uit die erediens na ons lewe gebring word deur ’n omgee en liefde by gelowige kinders van God vir sy skepping.



### *Knoop vas!*

Die evangelie van ’n lewe op ’n nuwe aarde onder ’n nuwe hemel moet ons vanuit die erediens op hierdie aarde onder hierdie hemel verkondig en uitlewe.

Ons moet doelbewus uitgaan, bewus word van ekologiese sake, en begin om iets daaraan te doen. Dit is ironies dat hierdie bewusmaking baiekeer van mense buite die Christendom plaasvind terwyl ons as gelowiges die beste behoort te besef dat die skepping aan die Here behoort.

Ons het die voorreg om in ‘n pragtige omgewing te woon en te werk. Ons is bevoorreg om na aan die skepping te leef. Raak vandag bewus daarvan om die wind deur u hare te voel waai, in die son te gaan sit en sy strale te voel. Na die natuur te kyk en te besef hoe alles van God afhanklik is. Kyk net bietjie anders na u plaas en waar u ry - dan word ontmoetings met die skepping ook ontmoetings met die Skepper



## *Doending*

Maak ’n punt daarvan om vandag in die skepping stil te word en vanuit iets wat jy sien of beleef met God te praat.



## *Verdere Skriflesing*

Openbaring 21:1-8
Psalm 19:1-7

# Huisgodsdiens: WEEK 1



## 'n Lewe van erediens

### Koppelgedeelte

*(Laat Pa of ma of iemand in die groep die volgende gedeelte hardop lees)*

Hartlik welkom by iets nuut en iets groot!

Vir u en vir ons as gemeente.

Mag die Here God-grootte dinge hierdeur bewerk.

Die tema: "Die erediens van die lewe" is daarop gemik om ons verstaan en belewing van die erediens te verryk. Ons weer opgewonde te maak oor ons eredienste en erediens bywoning asook om die tyd van Sondag tot Sondag hoe langer hoe meer te begin beleef as 'n erediens.

Vanaf volgende week gaan ons elke week 'n spesifieke liturgiese handeling (sang, barmhartigheid, seën en amen) neem en die betekenis daarvan vir die erediens, maar ook vir al die verskillende verhoudings waarin ons staan, uitwerk.

Tydens hierdie weeklikse samekoms (hoe u ookal besluit het om dit in te rig) gaan ons elke week die toespitsing maak op die betekenis van die bepaalde liturgiese handeling in ons verhouding met die wêreld.

Die dagstukkies hierdie week het gehandel oor:

- Die erediens en die lewe as erediens
- Lewensontmoetings met God
- Lewensontmoetings met mekaar
- Lewensontmoetings met die wêreld
- Lewensontmoetings met die skepping

Vandag se byeenkoms handel oor die feit dat die erediens en ons lewe 'n invloed moet hê op die ongelowige wêreld.

Ons is immers deel van die wêreld waarin ook die ongelowiges lewe. Ons taak is juis om in die wêreld vir God diensbaar te wees. Ons eredienste moet in die opsig ook altyd 'n venster na buite hê en ons deure na buite moet altyd oopstaan. Daarom moet elke liturgiese handeling in die erediens ook 'n gerigtheid op die sondige wêreld hê.

Dit kan natuurlik net gebeur as die liefde van God vir sy wêreld ook in ons harte leef en wanneer ons besef dat die enigste verskil tussen ons en die ongelowiges is die feit dat ons deur die genade van die Here gered is, en dat ons geroep is om die Evangelie te verkondig.

## A: Fokus op mekaar



1) Deel met mekaar enkele stories oor iets komies wat julle al in die erediens ervaar het (Wees net versigtig om nie die hele aand hiermee besig te wees nie, of net dominee grappies te vertel nie)
2) Vertel van jou ervaring van 'n erediens wat jy as vreemdeling bygewoon het. Dit kan positief of negatief wees.

## B: Fokus op die Here



***B1*** *Gebedsvoorstelle:*

1) Loof die Here vir die voorreg om in sy teenwoordigheid te kan lewe en om Sondae as gemeente eredienste te kan hou.
2) Bid dat die Heilige Gees julle sal lei in besinning vanuit sy Woord.

**B2** Die Here met ons

Lees: Filippense 2:1-18
Fokusgedeelte: Filippense 2:14-16a

1) Wat is volgens vers 15 die verhouding waarin die gelowiges tot die ongelowige wêreld staan? Kan jy nog ander teksgedeeltes gee waarin die verhouding uitgewerk word?

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   Op watter maniere is die gelowiges in hulle hele lewe ligdraers teenoor die wêreld? (vs.14-16a)

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   Toegepas op die erediens. In watter mate moet die erediens "vreemd" vir die ongelowige wees en in watter mate moet die erediens die ongelowige "tuis" laat voel? Dink in terme van praktiese sake soos musiekstyl, kleredrag, woordgebruik ens.

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   Lees Sagaria 8:20-23. Wat is die kernsaak waaroor ongelowiges, volgens die profesie, saam met gelowiges sal gaan? Hoe raak dit die erediens en hoe raak dit ons hele lewe?

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   Wat is die toepassing van die gedeelte in 1 Korintiërs 14:23-26 op ons eredienste vandag?

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

Watter rol speel gebed in die inbring van die ongelowige wêreld in die erediens?

## *C: Fokus op die wêreld en die skepping*

1) Identifiseer iemand wat nie die eredienste gereeld bywoon nie (of iemand wat glad nie by 'n kerk inskakel nie) en beplan wat julle kan doen om die persoon te begelei om 'n erediens by te woon.

### *Notas*

# Week 2:

# ’n Lewe van sang



# Week 2 – Dagstukkie 1

## SANG IN DIE EREDIENS



**Lees: Kolossense 3:5-17**

’n Mens kan jou nie ’n erediens sonder sang voorstel nie. Waar die kinders van die Here bymekaar kom word daar gesing.

So was dit al in die Ou Testament, waar daar spesifieke mense deur koning Dawid aangestel is om onder begeleiding met musiekinstrumente “as profete” op te tree. Die seuns van Jedutun is hiervoor aangestel terwyl die seuns en dogters van Eman weer voorgegaan het met begeleiding op simbale, harpe en liere. Sang was deel van die tempeldiens en aanbidding daarrondom.

Die boek van die Psalms is sekerlik die duidelikste bewys dat sang ’n wesentlike deel van die gelowiges se saamkoms was wanneer hulle die Here ontmoet het.

Dit val ook op dat met die geboorte van die beloofde Messias, Jesus Christus, omring word deur nuwe liedere wat gesing word. Die engele, Elizabeth, Maria en Sagaria sing voor en na die geboorte van die Messias.

In die Nuwe Testamentiese kerke is daar gesing en word mense aangemoedig om op die wyse die Here te loof. In die laaste boek van die Bybel, Openbaring, waarin die gordyn oor die lewe hierna oopgeskuif word, is dit duidelik dat sang deel van aanbidding gaan wees. Daar is minstens tien liedere in die boek opgeteken.

In Kolossense 3 word die riglyne vir die nuwe lewe in Christus uitgespel en hier vind ons onder andere die opdrag dat gelowiges met dankbaarheid in hulle harte psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van die Here moet sing. (Kol.3:16)

Dwarsdeur die kerklike lewe tot vandag nog vorm sang ’n wesentlike deel van die kerk se eredienste. Omdat sang eintlik maar ’n vorm van die gesproke woord is, is dit nie maar net ’n deel van die erediens nie, maar allesomvattend. Dit is teoreties moontlik om ’n hele erediens in sang te doen.

Sang en musiek word die instrumente waardeur God sy waarheid in die harte van sy mens in-tregter. Deur herhaling word liedere deel van die wese van die mens, sodat hy dit later sonder om daaroor na te dink kan weergee.

Sang word ook die middel waardeur gelowiges hulle harte teenoor God oopmaak. Die sang verwoord die hart en elke denkbare emosie van die gelowige. Sang het diep invloed op die gemoed en geloof van mense en daarom het dit so ’n bepalende invloed op die stemming van die erediens.

### *Knoop vas!*

Sang in die erediens is sodat die gemeente die blydskap, dankbaarheid, hartseer, berou van hulle harte teenoor hulle Here kan uitstort.

Ons mag sang daarom nie beperk tot byvoorbeeld lofprysing nie. Vanuit die verskillende psalms leer ons dat sang ook die doel het om dankbaarheid te betuig, skuldbelydenis te doen, geloof te bely, onderrig te gee, tot God te bid en selfs om voor Hom te weeklaag.

Die bedoeling van die dagstukkie is nie eerstens om die hele debat oor sang tydens die erediens te open nie, maar om ’n appèl op ons te maak om met oorgawe deel te neem aan die sang tydens ons eredienste.

Daar is niks so afbrekend as swak en onoortuigde sang nie. Die teendeel is natuurlik ook waar. Daar is ook niks so opbouend en versterkend as sang wat met volle oorgawe in ’n gemeente gedoen word nie.

So dikwels lyk die gemeente tydens die sangebeurte eerder na ‘n kat wie se melk gesteel is as die een wat in gesprek met sy Here is.

## *Doending*

Wanneer jy weer in die erediens kom, sing doelbewus in die wete dat jy besig is om met God te praat. Laat jou gesig en hele wese saam met die woorde beleef.

## *Verdere Skriflesing*

1Kronieke 25
Psalm 96

# *Week 2 - Dagstukkie 2*

## SANG IN ONS VERHOUDING MET GOD



### *Lees: Deuteronomium 31:16-22*

Sang is ’n instrument waardeur God tot ons as mense praat. In sy Woord het Hy vir ons sekere liedere laat opteken.

Op die wyse laat God iets van Homself en van Sy wil in ons harte vaslê. So gee die Here byvoorbeeld vir Moses die opdrag om ’n lied vir die volk Israel te skryf en te laat leer kort voor hulle intog in die beloofde land. (Dt.31:19) Hierdie lied sou vorentoe ’n herinnering van die Here self wees wanneer die volk in tye van voorspoed WEG van Hom af begin leef.


Sang is ook God se instrument waardeur Hy wil hê dat ons oor Hom moet praat. Deur sang lewer ons getuienis oor wie God is. Ons sing dit vir onsself, vir mekaar, vir die wêreld en vir God self. Sy almag, liefde, getrouheid, regverdigheid, alomteenwoordigheid, ensovoorts word deur die sing van liedere verkondig.

Sang is ook God se instrument waardeur Hy wil hê dat ons met Hom moet praat. Soveel van die psalms in die Bybel is direkte gesprekke van gelowiges met die Here self. Dink hier maar aan die bekende dele uit Psalm 23 waar Dawid eers oor die Here praat: “Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.” Daarna slaan hy oor en begin hy direk met God praat: “Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig... ”Daar is geen beter manier om ons emosies met God te deel nie as juis deur sang. Blydskap, maar ook hartseer wat uit ons hart uit kom kan ons verwoord in die sing van liedere.

Sang is nog verder ’n instrument van God waar Hy saam met sy kinders praat. Dit kom na vore wanneer ons sy geopenbaarde woorde in sang aan Hom terugsing. Dink ook aan die aangrypende woorde van Dawid in Psalm 22 wat die Here Jesus Christus aan die kruis ook gebruik: “My God, my God, waarom het U my verlaat.” Dit is asof ons Here Jesus in Sy lyding die woorde uit die lied Sy eie maak en natuurlik dan daaraan ’n baie dieper betekenis gee. Hy vervul deur Sy dood die worstelvraag van Dawid. So lees ons ook dat die Gees saam met ons sug. Die Gees neem ons woorde, wat ons nie kan uitspreek nie en bring dit by die Vaderhart. (Rom.8:26,27)

Kortom, sang is ’n instrument van die Here wat Hy wil hê ons moet gebruik. Hy beveel ons om te sing en om nuwe liedere te sing. In die hemel word daar reeds gesing en sal daar tot in ewigheid gesing word.

Juis daarom moet ons sang gebruik om ons verhouding met die Here te bou en te versterk.Ons moet dit ook in die eredienste doen. Met oorgawe moet ons vanuit die Woord sing tot God se eer. Ons moet met oortuiging deur sang met Hom praat in die ontmoeting met Hom.



*Knoop vas!*

Sang is 'n instrument van God om met Hom, oor Hom en saam met Hom te praat.

Natuurlik moet die sang nie beperk word tot eredienste nie. Kom ons doen moeite om buite die erediens ook sang te gebruik as 'n middel om ons verhouding met God te versterk. Ons kan tydens huisgodsdiens sing, as ons saam met ander gelowiges bymekaar is of as ons sommer net alleen is.

Ons moet leer om ons diepste emosies, van vreugde tot hartseer, van geluk tot worsteling in liedere teenoor God uit te spreek. Gebruik die genademiddel van die Here wanneer jy weer terneergedruk of hartseer is.

Doen dieselfde wanneer jy van blydskap oorloop. Jubel en juig tot eer van die Here.

Baie sal ook kan getuig van die geloofsversterking wat hulle ervaar deur na geestelike musiek te luister. Jongmense sing die woorde van bekende liedere saam en word daardeur opgebou in hulle geloof. Ouer mense sing nou nog halleluja liedere waar hulle met hul dagtaak besig is.

Ons staan ongelukkig nie bekend as 'n singende volk of gemeenskap nie. Vir baie van ons kom sang nie vanselfsprekend en maklik nie. Dit mag nie 'n verskoning wees nie. As gelowiges moet ons in ons verhouding tot God al hoe meer en met al hoe groter oorgawe sing.

Natuurlik kan verkeerde sang ook jou verhouding met God benadeel. Sang is 'n instrument wat die Satan ook kan gebruik om mense van God af weg te trek of om valse leer te verkondig. Of selfs sang bloot te gebruik tot valse geestelike gerustheid en die mens se geloof te reduseer tot blote sang ervaringe.

Kom ons sing egter met oorgawe tot eer van die Here!



## *Doending*

Probeer jou belewing van die Here, soos wat dit nou in jou hart is, verwoord deur 'n Psalm of ander lied te sing.



## *Verdere Skriflesing*

Psalm 23
Openbaring 5

## Week 2 – Dagstukkie 3

### SANG IN ONS VERHOUDING MET MEKAAR



**Lees: Efesiërs 5:15-20**

Waar dronk mense bymekaar is, sing hulle dikwels liedjies.

Waar die Geesvervulde mense bymekaar is sing hulle onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere. Daar sing hulle met hulle hele hart tot eer van die Here. (Ef.5:19,20)

Dit is die beeld wat Paulus gebruik wanneer hy aan die Efesiërs skryf oor hoe die nuwe lewe in Jesus Christus vir hierdie jong gelowiges moet wees.

Gelowiges moet onder die invloed, nie van wyn nie, maar van die Heilige Gees lewe. Die gevolg van 'n Geesvervulde lewe kom na vore in vier aksies wat Paulus met vier opeenvolgende deelwoorde aandui naamlik – hulle sal wees SPREKENDE onder mekaar, SINGENDE uit die hart, DANKENDE God (19) en ONDERWERPENDE aan mekaar (21)

Vir ons doeleindes kyk ons na vers 20 wat ons letterlik soos volg kan vertaal" "Sprekende onder mekaar met psalms, lofgesange en ander geestelike liedere. Singende en psalmsingende uit julle hart vir die Here"

By baie dinge wat uit die teks opval wil ek graag die klem laat val op die "onder mekaar".

Dit is duidelik dat sang 'n bepaalde funksie het wanneer gelowiges dit onder mekaar doen. 'n Mens kan alleen sing, maar die sang waar gelowiges bymekaar is, het 'n baie spesiale plek in die lewe van die gelowige. Wanneer ons saamsing praat ons eintlik. Nie net met God nie, maar ook met myself en ook met mekaar.

Nie alleen is dit makliker vir mense om saam met ander te sing nie, maar in die saamsing gebeur daar ook iets. Deur die sang vereenselwig ons met mekaar en bou ons mekaar in die geloof op.


Met samesang vat ons op spreekwoordelike wyse hande en verbind ons ons aan mekaar. Elkeen sing nie sy eie woorde nie, maar ons sing gesamentlik. Ons is immers die huisgesin van God, broers en susters vir mekaar. Ons herinner mekaar in die sang aan die beloftes van die Here.

Buiten dus dat ons in ons sang gesamentlik lof aan die Here bring en ons op die manier aan mekaar as huisgesin van God verbind, dien samesang ook 'n ander doel.

Ons bely soms in sang ons gemeenskaplike sondes voor die Here en dui daarmee aan dat ons medeverantwoordelikheid vir mekaar neem.

Ons bemoedig mekaar deur saam te sing. Moontlik is iemand in die gemeente se hart so stukkend dat hulle nie self kan sing nie, en dan word hulle tog meegeneem en opgetel deur die sang.

Ons onderrig mekaar deur samesang. Ons leer vir mekaar wat die wil van die Here is. Ons herinner mekaar aan wat die Here van ons vra.



*Knoop vas!*

Om saam te sing is ’n voorreg maar ook ’n opdrag wat geleë is in die feit dat ons deur dieselfde Gees vervul word.

Ons verenig in geloofsbelydenis deur sang, nie net met gelowiges saam met wie ons sing nie, maar met gelowiges oor die hele wêreld.

Ons moet meer saamsing. Nie net in die erediens nie, maar ook in die lewe wat as't ware een groot erediens moet wees. Ons moet mekaar aanspoor om by byeenkomste, vergaderings en kampe te sing. Ons moet as huisgesinne saam sing.

Samesang het ook die voordeel dat mense vir wie sang nie spontaan en maklik is nie, die ruimte geskep word om te kan sing. Die Here gee in die gemeente gawes van mense wat kan begelei en kan voorsing om ander te help om te kan saamsing. Iets wat andersins baie moeilik sal wees.

Belangrik is dat ons met oorgawe uit ons hele hart tot eer van die Here moet sing. (vs19)



## Doending

Oorweeg die moontlikheid om erens in die week ‘n geestelike lied, of Hallelujalied van harte te sing daar waar u is.



## Verdere Skriflesing

Esra 3:10-13
Psalm 34:1-5

## Week 2 - Dagstukkie 4

### SANG IN ONS VERHOUDING MET DIE WÊRELD



### Skrifdeel: Psalm 96

Die Here wil een groot erediens waartydens al die volke van die aarde 'n nuwe lied sal sing tot eer van sy Naam: "Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot eer van die Here, almal op aarde! Sing tot eer van die Here, prys sy Naam, verkondig elke dag sy reddingsdade." (Ps.96:1,2)

Dit was sy bedoeling met die skepping van die mens op aarde en dit is die verwagting wat vir ons voorgehou word wanneer Jesus Christus weer kom. "So seker as Ek lewe, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal bely dat Ek God is." (Rom.14:11)

Tot dan roep die Here sy kerk op om vir Hom hier van die aarde af 'n loflied te sing.

In die kleine speel hierdie toneel hom af wanneer Paulus en Silas in die tronk in Filippi, met boeie aan hulle voete, ten aanhore van die ander gevangenes, lofliedere tot eer van God sing. (Hand.16:25)

Wat 'n getuienis gaan daar nie van hierdie lofsang uit nie. Mense wat so vas glo in die Here dat hulle ter wille van Hom gevange geneem word en dan nog steeds lofliedere sing. Ons lees in die verhaal verder hoe die bewaarder en sy gesin hierna tot geloof gekom het en vol blydskap was omdat hulle nou in die Here geglo het. (Hand.16:34)

Soos alle geloofsaksies en soos alle liturgiese handelinge moet ook sang 'n gerigtheid op die ongelowige wêreld hê. Ons lofsange moet mense na God trek. Die lofsange moet so hard en duidelik wees dat die wêreld dit juis kan hoor en hulle kan aanspoor om tot geloof te kom en om te kan saamsing tot lof van die Here.

Dit is nie dat die wêreld nie sing nie. Inteendeel, sang is so deel van die mens se bestaan. Daar word byna elke naweek 'n sang- en musiekfees in Suid Afrika gehou. Baie van die sang wat uit die wêreld gebore word, is pragtig en versterkend en onder die genade van die Here is daar daarvan wat vir die gelowige mens tot groot waarde is.

Dit is net dat die ongelowige mens ook in sy sang, soos in sy hele lewe sonder God nie die klem op die eer van die Here laat val nie.

Daar is sang wat God verloën en selfs met God spot. Die vyand van God, die duiwel sal ook die wonderlike instrument en vermoë wat God aan die mens gegee het

aanwend in sy pogings om mense van God af weg te trek. Daarom moet ons as gelowiges ook in die sang en musiek waarna ons luister vra na wat goed en opbouend is. Sang en musiek is nie bo die ander aspekte van ons lewe verhewe bloot omdat dit kunsvorme is nie.

### *Knoop vas!*

As Christene word ons opgeroep om te midde van 'n singende wêreld lofsange tot eer van God te laat hoor.

In hierdie wêreld met sy baie wêreldse feeste en liedere, word ons geroep om tot eer van die Here te sing. Om hard en duidelik en met oorgawe te sing. So, dat ander daardeur geraak word. So, dat ander geïnspireer word. So, dat ander nie anders kan as om in te kom en om saam te sing nie.

Ek wonder of ons met groter entoesiasme en uitdrukking sal sing as ons weet dat daar ongeredde mense in die omgewing is wat na ons kyk en na ons luister. Ek dink dit tog wel. Amper soos wanneer twee skole by 'n atletiekbyeenkoms in kompetisie beter as die ander skool probeer sing.

Mag die Here gee dat die nood van die wêreld en van ongeredde mense so deel van ons gedagtes is dat ons selfs in ons sang aan hulle sal dink en so sal sing dat die Evangelie wat ons sing hulle ook sal bereik.

## *Doending*

Wanneer jy weer in die erediens sing, kyk of daar ander gelowiges is by wie jy kan sien dat hulle met oorgawe sing en dink dan hoe dit vir 'n ongelowige moet lyk as hy nou na jou kyk.

## *Verdere Skriflesing*

Handelinge 16:1-34
Openbaring 15

# Week 2 - Dagstukkie 5

## SANG IN ONS VERHOUDING MET DIE SKEPPING

### Lees: Psalm 98

Het jy geweet die skepping sing ook? Het jy die skepping al gehoor roep en praat en sing?

Die Here konfronteer Job met almagtige skeppingswerk wanneer hy vra: "Wie het die aarde aanmekaar gesit daardie oggend toe die sterre saamgesing het en al die hemelinge gejubel het?" (Job 38:7)

Het jy geweet dat die hemel getuig van die mag van die Here en dat die uitspansel sy handewerk bekend maak. Dat die een dag die berig aan die ander deurgee en dat die een nag die kennis aan die volgende deurgee? (Ps.19:2,3)

Het jy geweet dat die hemel gejubel, die aarde gejuig en die berge vrolik gesing het omdat die Here uitkoms vir sy volk gebring het? (Jes.49:13)

Het jy geweet die see en alles daarin moet druis, die aarde en alles daarop moet juig, die riviere moet hande klap, die berge moet saam juig voor die Here, want Hy kom om oor die aarde te heers?(Ps. 98:7,8)

Het jy geweet dat die berge en die heuwels voor julle uit sal jubel en juig en al die bome in die veld sal hande klap? (Jes.55:12)

So kan ons talle voorbeelde uit die Bybel aanhaal. Die skepping sing en jubel. Die skepping is deel van die koor wat God geskep het om aan Hom die lof en die eer te bring.

Elke voëlgeluid, elke dieregeluid, elke soort gebrul en geblaf, elke suising van die wind en geklots van 'n brander, elke naggeluid en selfs die doodste stilte in die natuur vorm 'n unieke lofsang tot eer van die Skepper. Elke skepsel sing volgens sy uniekheid in die koor saam.

Op 'n ander manier leer die Bybel dat die Here die skepping gebruik om sy woorde te eggo. Deur die skepping hoor ons die stem van die Here soos dit weerklink oor die waters. Sy stem kloof die seders van die Libanon oop en laat die woestyne bewe. (Ps.29:3-6)

Wanneer ons dan as gelowiges sing, sing ons daarom nie in isolasie van die skepping nie. Ons sing saam met die skepping. Met die Godgegewe instrument van sang maak ons as mense ons unieke byvoeging tot die koor van die skepping.

Ons besing God se grootheid soos wat dit in die natuur sigbaar is. Hy is vir ons soos ’n rots en ’n bergvesting. Hy is soos ’n arend wat onder sy kleintjies invlieg en soos ’n hen wat haar kuikens onder sy vlerk neem. So behoort ons sang en die van die skepping in harmonie soos ’n goed afgerigte koor te jubel.

### *Knoop vas!*

Sing saam met, en as deel van die skepping in die skeppingskoor tot eer van die Here

Tog wil dit voorkom asof die harmonie versteur is, mens en skepping sing nie meer saam nie. Dit is so hartseer as die stem van die skepping begin stil word. As unieke voël- en dierespesies se stem stil word. Dit is hartseer as daar soveel geraas word dat die stem van die skepping nie meer gehoor word nie en daar soveel besoedeling is dat jy die mooi van die skepping nie meer kan raaksien nie.

Omdat die skepping God se openbaringsmiddel is, moet ons gelowiges ’n punt maak om vanuit die natuur en oor die natuur as God se skepping te sing.

Miskien moet ons meer in die skepping kom en tyd maak om rustig te luister na die geluide in die skepping en probeer om ons loflied in harmonie daarmee in te stem.

## *Doending*

Ons het die voorreg van die natuur om ons – maar ons sien dit dikwels nie meer raak nie. Maak vandag ’n tydjie om weer opnuut die natuur om hou te waardeer.

## *Verdere Skriflesing*

Psalm 29
Psalm 19:1-5

# HUISGODSDIENS: WEEK 2



## 'n Lewe van sang

### Koppelgedeelte

*(Laat iemand in die groep die volgende gedeelte hardop voorlees)*

Nadat ons verlede week nagedink het oor die feit dat ons eredienste nie losstaande gebeurtenisse is nie, maar deel vorm van die erediens van ons hele lewe, begin ons vandag met die nadink en uitwerk van enkele liturgiese handelinge in die erediens en in die lewe waarin ons staan.

Sang was nog altyd deel van die aanbidding en diens aan die Here. Dit was so in die volk Israel se lewe maar ook in die samekomste van die gelowiges in die Nuwe Testament.

Ons mag die funksie van sang nie beperk tot byvoorbeeld lofprysing nie. Vanuit verskillende psalms leer ons dat sang ook die doel het om dankbaarheid te betuig, skuldbelydenis te doen, geloof te bely, onderrig te gee, tot eer van God te bid ens.

Die bedoeling van hierdie week se stiltetye was om 'n appèl op ons te maak om met oorgawe deel te neem aan die sang tydens eredienste.

Mag die Here gee dat ons Geesvervuld vanuit die dieptes van ons harte met oortuiging en opregtheid sal sing, en dat sang tydens ons eredienste ons verder sal inspireer om met ons hele lewe 'n loflied tot eer van die Here te sing.

Die dagstukkies hierdie week handel oor:
- Sang in die erediens
- Sang in ons verhouding met God
- Sang in ons verhouding met mekaar
- Sang in ons verhouding met die wêreld
- Sang in ons verhouding met die skepping

Ons toespitsing met die byeenkoms is op die rol van sang in ons verhouding met die wêreld.

Dink byvoorbeeld aan die aangrypende gebeure in Handelinge 16:25 waar dit verhaal word hoe Petrus en Silas in die tronk in Filippi, met boeie aan hulle voete, ten aanhore van die ander gevangenis, lofliedere tot eer van God sing.

## A: Fokus op mekaar

1) Deel met mekaar jou gunsteling Psalm, Gesang of Geestelike lied en gee 'n motivering daarvoor.
2) Speel een of twee gunstelinge geestelike snitte op CD, DVD of selfoon vir die groep as u wou.

## B: Fokus op die Here

**B1 – Ons met die Here (15 minute)**

*Sing saam tot eer van die Here*
(Die groep kan self liedere kies)

*Gebedsvoorstel:*

1) Loof die Here vir die feit dat ons Hom ken en deel mag wees van die halleluja-koor wat vanaf die aarde en vanuit die Hemel tot sy eer sing. (Psalm 148 kan hiervoor gebruik word)

**B2 – Die Here met ons**

1) Watter funksie het die sang van Petrus en Silas in die tronk in Filippi gehad? Wat het hulle gesing en waartoe het die sang gelei? (Hand. 16:25-34)

2) Wat dink jy sal buitestanders van ons sang dink wanneer hulle ons diens besoek of by die kerk verbystap terwyl ons sing?

3) Wat leer Rom.15:7-13 ons in verband met God se bedoeling met alle mense?

4) Waaroor handel die lied van Moses, wat ook die lied van die Lam is, in Openb.15:3,4?

5) Wat is jou opinie van "gospelmusiek en -sang" in die Afrikaanse musiekmark vandag?

## *C: Fokus op die wêreld en die skepping*

1) Reël 'n sangaand of skep 'n geleentheid van geestelike musiek, waar jy saam met vriende/familie na die musiek luister en julle dit dan bespreek.

## *Notas*

# Week 3:

# ’n Lewe van barmhartigheid



## *Week 3 – Dagstukkie 1*

## BARMHARTIGHEID IN DIE EREDIENS



### *Skriflesing: Markus 12:38-44*

Party mense dink skynbaar dat die gee van die offergawes meer ‘n saak is van “betaal” vir die erediens as iets wat sprekend is tussen die Gewer en die gewer van die offergawe.

Tog is die gee van die liefdesgawe ’n wesentlike deel van die erediens. Tydens hierdie liturgiese handeling kry die liturgie hande en voete. Dit bring ons hande en voete binne in die werklikheid van die lewe waarin ons kerk en gelowiges lewe. Soos die vierde bede van die onse Vader handel oor ons fisiese behoeftes, so raak hierdie liturgiese handeling die fisiese nood waarbinne ons leef.

Wie in die prediking herinner word aan God se barmhartigheid deur Sy Seun Jesus Christus, reageer daarop met ’n daad van enersyds ‘n dankbaarheidslewe wat ook insluit die gee van ‘n dankoffer.


Juis daarom is dit belangrik dat ons nie die opneem van die liefdesgawe gelyk moet stel aan die Ou Testamentiese offers wat gegee is uit plig nie. Jesus Christus se offer aan die kruis was eenmalig en voldoende. Die lewende dankoffer wat ons nou moet gee is op grond van Sy ontferming en dit vereis dat ons onsself moet gee. (Rom.12:1,2)

Dit beteken nie dat die bedrag wat ek gee nie ’n offer moet wees in die sin van “opoffering nie”. Die gebruik om op ’n Sondagoggend vinnig die kleingeld uit die beursie bymekaar te maak het amper geen betekenis nie. Wanneer ’n offer niks kos nie, is dit nie werklik ’n offer nie.

Aan die ander kant moet elkeen gee soos wat dit vir hom moontlik is en is die hoogste bedrag nie noodwendig die gawe wat vir die Here vreugde gee nie. Dink hier maar aan die weduwee wat die enigste twee muntstukkies wat sy gehad het gegee het. Jesus verklaar dat sy meer gegee het as al die ander saam. (Mark.12:42)

Dit bring ons ook by die feit dat ons gesindheid met gee van die liefdesgawe reg moet wees. “Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.” (2Kor.9:7)

Die Here vermaan telkens in Sy Woord dat offers sonder ’n gesindheid van liefde nie vir Hom aanvaarbaar is nie. Deur die profeet Amos en Jeremia waarsku die Here dat Hy nie die volk se brandoffers wil hê terwyl hulle in hulle algemene lewe mense uitbuit nie. (Jer.7:1-15, Amos 2:6-7)



### *Knoop vas!*

Die gee van die dankoffer in die diens is ’n liturgiese handeling waartydens gelowiges se dankbaarheid hande en voete kry.

Juis daarom moet die gee van die liefdesgawe in die erediens nie as ’n losstaande handeling gesien word nie. Dit het alles te make met my verhouding met God en my naaste.

’n Erediens wat nie uitloop op die betrokkenheid van die gelowiges in die wêreld waarin ons lewe nie, het weinig waarde. So ook is ’n gebed dat die Here met die minderbevoorregtes sal wees leë woorde as die gemeente nie bereid is om vanuit wat hulle van die Here ontvang het, te gee om ander te help nie.

Die gee van ons dankoffers is nie bloot die ingooi van ‘n geldjie as ‘n stertjie by die erediens nie, maar is ‘n wesenlike deel van ons antwoord tot diens.

Jesus is immers ook die Koning oor ons finansies...



## *Doending*

Werk hierdie week, dalk sommer vandag uit, en maak dit gereed – wat u as dankoffer Sondag sal ingooi.



## *Verdere Skriflesing*

Jeremia 7:1-15
2 Korintiërs 9

## Week 3 – Dagstukkie 2

### BARMHARTIGHEID IN ONS VERHOUDING MET GOD



**Skriflesing: Matteus 5:3-12**

Ons barmhartigheid teenoor ander vloei uit God se barmhartigheid vir ons. Wie die twee dinge van mekaar losmaak, is nie besig met Bybelse barmhartigheid nie, maar met blote medemenslikheid.
Ware barmhartigheid het sy oorsprong uit, maar ook sy gerigtheid op die barmhartige God.
Die saligspreking: "Salig is die barmhartiges, want hulle sal barmhartigheid ontvang" sal eers verstaan word wanneer dit in konteks met die vorige saligsprekings gesien word. Dit is eers wanneer ons besef hoe afhanklik ons van die Here is, eers wanneer ons treur oor die sonde en wanneer ons honger en dors na wat reg is dat ons kan besef wat barmhartigheid werklik is.

Ons moet begin met die besef dat ons in ons verhouding met die Here sondaars is wat niks verdien van wat ons het nie. Of anders gestel: As dit nie die besef vir God se barmhartige ingrepe in my lewe is nie, sou ek nie 'n idee gehad het van barmhartigheid te wil doen nie.

"God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!" (Ef.2:4)

"Aan God, die Vader van ons Here, Jesus Christus kom al die lof toe. In sy groot barmhartigheid het Hy aan ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood."(1Petr.1:3)

Ons as gelowiges praat dus oor barmhartigheid as mense wat reeds salig of gelukkig is. Wie in Jesus Christus glo is reeds salig want Hy het deel aan God se barmhartigheid. Ons het nie net die voorreg om te besef wat barmhartigheid is nie, maar ook die voorreg om te besef dat ons draers van God se barmhartigheid in hierdie wêreld geword het. Ons is salig want dit is saliger om te gee as om te ontvang.

Die barmhartigheidsdiens volg daarom in die erediens eers nadat die genade en barmhartigheid van God in Jesus Christus aan die gemeente verkondig is. Dit behoort 'n spontane daad van dankbaarheid teenoor die Gewer van alle goeie dinge te wees.
So moet dit nie net in die erediens wees nie, maar ook in my lewe wat eintlik een groot erediens is. Uit dankbaarheid vir ons verlossing en versorging deur die Here moet ons begin om die barmhartigheid van die Here sigbaar te maak deur vir ander te gee.

Ons kan die twee dinge nie losmaak van mekaar nie. Wie barmhartigheid ontvang het, sal barmhartigheid bewys. Die twee dinge is so ineengevleg dat die Here self leer dat vir sover ons barmhartigheid aan die gevangene, die hongerige, die dorstige en die sieke bewys het, ons dit aan Hom self bewys het. (Matt.25:31-46)

Dan word die kringloop voltooi. Aan die salige wat die barmhartigheid van God ontvang het en wat dit teenoor ander bewys, word belowe dat barmhartigheid aan hom bewys sal word. Hy sal weer van die Here barmhartigheid ontvang.

> ***Knoop vas!***
>
> Wie in 'n lewende verhouding met die barmhartige God lewe sal barmhartigheid teenoor ander bewys en ontvang dan weer die belofte dat aan hom barmhartigheid bewys sal word.

Afgesien van die heerlike belofte, lê daar 'n groot verantwoordelikheid in die saligspreking. Durf ons dit so verstaan dat net die barmhartiges barmhartigheid sal ontvang?

Jesus maak hieroor skerp uitsprake in sy veroordeling van die Fariseërs wanneer Hy hulle leer dat hy nie offerandes soek nie, maar barmhartigheid.(Matt.9:33) Hy vermaan hulle omdat hulle wel tiendes en kruisement gee, maar dat hulle die belangrikste van die wet nalaat, naamlik geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. (Matt.23:23)
Jakobus waarsku ook dat die oordeel onbarmhartig sal wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel. (Jak.2:12)
Daarom moet elke kollekte, elke bydrae wat ek vir iemand gee, elke daad van barmhartigheid en so ook my jaarlikse/maandelikse dankoffer - nooit losgemaak word van my verhouding met God nie.
Kom ons draai die argument om. Ons kan nie in 'n lewende verhouding met die barmhartige God lewe sonder om barmhartigheid teenoor ander te bewys nie.

## *Doending*

Dien vandag die Here deur aan iemand barmhartigheid te bewys of 'n besluit met praktiese implikasie hieroor te neem.

## *Verdere Skriflesing*

Efesiërs 2:1-10
Jakobus 2:1-13

## Week 3 – Dagstukkie 3

### BARMHARTIGHEID IN ONS VERHOUDING MET MEKAAR



### Skriflesing: 2Korintiërs 8:1-15

Wat beteken liefde as jy dit nie bewys nie?

Die vraag laat my dink aan die gebruik van twee vriende wat, wanneer hulle vir mekaar groete oordra altyd vir mekaar iets konkreets saam gestuur het, want hoe anders kon hulle weet dat die groete opreg is. Al was dit soms die mees verspotte ding, moes daar altyd iets konkreets en tasbaar wees, anders het hulle nie die groete aanvaar nie.

Of soos iemand tereg gese het: as jou dankbaarheid nog nie jou sak geraak het nie – het dit nog nie jou hart geraak nie.


"Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: "Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg, maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan? So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood." (Jak.2:14-16)

Paulus het tydens sy sendingreise baie moeite gedoen om geld in te samel - so leer hy die gemeentes en ons vandag dat gelowiges teenoor mekaar 'n verpligting het. Hy vermeld eervol dat die gelowiges in Masedonië, al was hulle arm, bo hulle vermoë en uit eie beweging aangedring het om te mag deel hê in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges in Judea. (2Kor.8:1-6)

Met hierdie goeie getuigskrif stuur Paulus vir Titus na die gemeente in Korinte met die versoek om die liefdeswerk wat hulle begin het, te voltooi.

Dit val op dat hy nie met 'n blote menslike aksie besig is nie. Sy motivering vir die liefdesdiens lê juis in die feit dat hulle die genade van ons Here Jesus Christus ken. "Hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van ons arm geword sodat ons deur sy armoede ryk kon word." (2Kor.8:9)

Vanuit hierdie barmhartigheid word hulle opgeroep om barmhartig te wees teenoor hulle medegelowiges. So hoort dit tussen broers en susters. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig. Daar staan ook geskrywe: "Die met baie het nie te veel gehad nie en die met bietjie nie te min nie." (1Kor.8:13-15)



### *Knoop vas!*

Barmhartigheid teenoor medegelowiges het sy oorsprong in God se barmhartigheid en bereik sy doel wanneer God daarvoor gedank word.

Hierdie selfde beginsel kom ook in die vroeë kerk in Jerusalem na vore wanneer mense van hulle besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel het volgens elkeen se behoeftes. (Hand.2:45)

Dit is God wat ten diepste gee. Dit is Hy wat ons altyd in alles ryk genoeg maak om by elke geleentheid vrygewig te kan wees. Ons vrygewigheid het dan die gevolg dat God gedank word, want die bediening van hulpbetoon voorsien nie alleen in die behoeftes van die gelowiges nie, maar bring ook oorvloedige dankbaarheid teenoor God mee. (2Kor.9:11-13)



## *Doending*

Beplan konkreet hoe jy, bo en behalwe die kollekte op Sondae, barmhartigheid aan 'n medegelowige kan bewys.



## *Verdere Skriflesing*

Handelinge 4:32-37
Jakobus 2:14-26

## Week 3 - Dagstukkie 4

### BARMHARTIGHEID IN ONS VERHOUDING MET DIE WÊRELD



**Skriflesing: Lukas 10:25-37**

"Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges." (Gal.6:10) In praktyk ruil ons die stelling baiekeer om sodat die klem soos volg lui: "Doen goed aan die medegelowiges en as daar nog oor is, ook aan alle mense."

Dit is opvallend hoeveel opdragte daar in die Nuwe Testament is wat die gelowiges oproep om teenoor ALLE mense op 'n bepaalde manier op te tree. "Wees goedgesind teenoor alle mense." "Sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense." "Wees inskiklik teenoor alle mense." "Onderrig en leer alle mense met wysheid." "Mag God julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en toeneem." "Bid met danksegging vir alle mense." "Beywer julle vir vrede met alle mense." "Julle moet alle mense respekteer."

Die rede hieragter is dat God, ons Verlosser wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. (1Tim.2:4) Ook mense wat antagonisties staan teenoor ons as kerk.

Een van die maniere hoe die liefde van God aan alle mense verkondig kan word, is deur barmhartigheid te bewys.

Daar is min dinge wat die Evangelie van Verlossing so kan instamp as juis die betoning van barmhartigheid. Niemand kan teen 'n daad van liefde stry of argumenteer nie. Die omgee van een mens teenoor 'n ander eggo die hart van die Evangelie.

Vir iemand wie se afgod geld is – is dit daarom soos 'n hou voor die bors wanneer hy/sy iemand anders onvoorwaardelik sien gee sonder enige bymotiewe - en spreek dit soms harder as wat enige preek ooit sal kan.

Die nood van ander mense, moet spreek tot die hart van die gelowige. Ons kan dit nie ignoreer, miskyk of ontken nie. Ons kan nie met klipharte by dit verbyleef nie.

In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan word die beginsels van barmhartigheid teenoor ’n vreemdeling vir ons uitgewys.



### *Knoop vas!*

Barmhartigheid is ’n manier waardeur die Evangelie van ontferming en genade konkreet aan ongelowiges bedien kan word.

Dit vra dat ons die nood van ander sal raaksien. Iets wat nie vanselfsprekend is nie. En dan wanneer ons die nood raaksien moet dit ons hart in beweging bring. Die emosie van omgee moet opgewek word. Dit kon ons gewees het wat aan die ander kant van die nood gestaan het. Soos die Samaritaan moet ons leer om innig jammer te kry. Barmhartigheid sonder warmhartigheid is immers armhartigheid.

Die besef dat daar ’n ander mens ongemak het - moet ons in beweging bring om te “doen”. Selfs al bring dit ongemak en al kos dit geld en tyd. Daadliefde is die liefde wat God aan ons bewys het deur Sy Seun na hierdie wêreld te stuur. Daarop moet ons reageer.

Al die dinge moet met die regte gesindheid en met Christus Jesus as ons diepste motief gedoen word. Wat help die stukkie brood as ons nie ook vir die medemens wys waar om die Brood van die Lewe te kry nie? Wat help ons omgee as ons geen gevoel het vir ’n mens wat uiteindelik verlore gaan nie? Daarom moet ons, ons lig so voor die mense laat skyn dat hulle ons goeie werke sien en ons Vader wat in die hemel is, kan verheerlik. (Matt.5:16)



## *Doending*

Bewys ’n slag doelbewus ’n daad van barmhartigheid aan ’n vreemdeling. Al is dit iets kleins.



## *Verdere Skriflesing*

Matteus 5:13-16
Deuteronomium 10:10-22

# *Week 3 – Dagstukkie 5*

## BARMHARTIGHEID IN ONS VERHOUDING MET DIE SKEPPING



### *Skriflesing: Psalm 65*

Ons kan nie oor barmhartigheid praat sonder om daaraan te dink dat God se barmhartigheid teenoor ons vanuit Sy skepping na ons toe kom nie.

Die verlossing in Jesus Christus is nie net ’n geestelike verlossing nie, maar het ook tot gevolg dat God as Hemelse Vader vir ons gee wat ons elke dag nodig het om van te lewe.

In die sin is die skepping God se spens waaruit sy daaglikse barmhartigheid na ons toe kom. Psalm 65 besing dit so: “U sorg vir die land en gee oorvloed, U maak dit baie vrugbaar. Die groot riviere is vol water, U laat die koring welig staan. Alles is u werk! U maak die ploegvore vol water en die kluite nat, U laat hulle sag word van die reëns, U laat alles welig groei. U kroon die jaar met u goeie gawes. Waar U ook gaan, is daar oorvloed! Daar is volop weiding in die woestyn; die bulte juig, die velde wemel van die kleinvee, die vlaktes staan vol koring; hulle juig en hulle sing.” (Ps.65.10-14)

Die Here het die mens op aarde geskep en reg aan die begin vir die mens die voorreg gegee om uit die natuur te mag lewe. Hy ontvang daarom ook die skeppingsopdrag om die aarde nie net te bewoon en te beheers nie, maar ook te bewerk.

In ons konteks het ons elke dag die heerlike voorreg om met hierdie beginsel te werk. Volhoubare en verantwoordelike boerderypraktyke en bewaring het dus alles te make met God se versorging en Sy barmhartigheid vir ons.


Die negatiewe implikasie van die feit is dat wanneer ons as mense begin om die skepping te misbruik of onverantwoordelik te oorbenut of te onderbenut, daar enorme nood en ellende op die ganse mensdom wag.

Dit help dus nie dat ons as gelowiges met die een hand met barmhartigheid betrokke raak by die nood van die wêreld en aan die ander hand die skepping verwoes nie. Die uiteinde sal net groter nood wees wat nog meer barmhartigheid sal vra. Dit sal ’n selfverwoestende kringloop en ’n bodemlose put word.

Daarom word ons as gelowiges opgeroep om ook barmhartig teenoor die skepping van God te wees. Ons moet die sugtinge van die skepping raak hoor en raak sien.

Ons kan ook nie by die nood van die skepping verbystap soos die Priester en die Leviet by die man in nood verbygestap het nie. Ons kan nie ons oë sluit vir die nood en maak asof dit nie bestaan nie

Elke dier wat ly, elke verstikkende besoedelde oggend in 'n stad, elke onverantwoordelike verbrande stuk veld moet ons aan die hart gryp en tot stilstand bring. Dit moet ons tot aksie bring. Ons moet bereid wees om tyd en moeite af te staan en betrokke te raak.



*Knoop vas!*

God se barmhartige versorging van ons kom vanuit die skepping en daarom moet ons in barmhartigheid vir die skepping sorg.

Daarom beteken "barmhartigheid" ook prakties die bewaring van die skepping, op watter manier dit ookal van u ge-eis word.

Dit gaan immers nie net oor die feit dat ons vanuit die skepping lewe nie, maar ook dat die skepping veronderstel is om die barmhartige versorging van God te verkondig. Elke groen grassie en elke insek wat daaruit lewe en elke voël wat van die insek lewe getuig van die Here se versorging.

"Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. (Matt.6:26,28-29)



## *Doending*

Gaan dink aan iets wat u kan aanspreek of verander of aanpas om prakties so barmhartiheid te toon teenoor die Skepping.



## *Verdere Skriflesing*

Matteus 6:25-34
Psalms 104

# HUISGODSDIENS: WEEK 3



## 'n Lewe van barmhartigheid

### Koppelgedeelte

*(Laat iemand in die groep die volgende gedeelte hardop voorlees)*

Jesus se opdrag in Lukas 6:36 is vandag die fokus van ons huisgodsdiens: "*Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is*."

Die dankoffer is 'n wesentlike liturgiese handeling in ons eredienste. Nadat ons die voorreg gehad het om God se seën te ontvang en na Hom uit sy Woord te luister word die gelowige opgeroep om te antwoord op die Woord van die Here. Ons dankoffer is deel van hierdie antwoorddiens.

Tydens die dankoffer kry die liturgie hande en voete. Dit bring ons binne in die werklikheid van die lewe waarin ons as kerk en as gelowiges woon. Soos die vierde bede van die Onse Vader handel oor ons fisiese behoeftes, so raak hierdie liturgiese handeling die fisiese nood waarbinne ons leef.

Maar dit bly nie net hier nie. Die lewe van 'n gelowige moet gekenmerk word deur barmhartigheid en wat Sondae gebeur moet die uitvloeisel wees van 'n gesindheid van barmhartigheid teenoor ander. 'n Gelowige is iemand wat God se barmhartigheid ken.

Die dagstukkies hierdie week het gehandel oor:

- Barmhartigheid in die erediens
- Barmhartigheid in ons verhouding met God
- Barmhartigheid in ons verhouding met mekaar
- Barmhartigheid in ons verhouding met die wêreld
- Barmhartigheid in ons verhouding met die skepping

Dit is opvallend hoeveel opdragte is daar in die Nuwe Testament wat gelowiges oproep om barmhartig teenoor alle mense te wees. "Wees goedgesind teenoor alle mense." "Sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense." "Wees inskiklik teenoor alle mense." "Onderrig en leer alle mense met wysheid." "Mag God julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en toeneem." "Bid met danksegging vir alle mense." "Beywer julle vir vrede met alle mense." "Julle moet alle mense respekteer."

Barmhartigheid teenoor alle mense is 'n manier wat die Here gebruik, om deur ons as gelowiges, Sy barmhartigheid aan ander te bewys.

## A: Fokus op mekaar

1) Vertel vir die groep hoe die Here jou al gebruik het om barmhartigheid teenoor iemand anders te bewys of hoe iemand anders barmhartigheid teenoor jou bewys het.
2) Wat verstaan jy onder barmhartigheid/dankbaarheid?

## B: Fokus op die Here

**B1 – Ons met die Here**

*Gebedsvoorstel:*

1) Praat voor u gebed oor watter barmhartigheid God aan ons bewys het en laat iemand voorgaan in lofprysing en danksegging vir God se genade.

**B2 – Die Here met ons**

Lees: Efesiërs 2:1-10
Fokusgedeelte: Efesiërs 2:4

1) Bespreek die stelling: "'n Onbarmhartige mens ken God nie werklik nie en begryp nie watter barmhartigheid God aan hom bewys het nie?"

   ______________________________________________________________
   ______________________________________________________________

2) Genade is om iets te kry wat jy nie verdien het nie. Wat is die verband tussen genade en barmhartigheid/dankbaarheid?

   ______________________________________________________________
   ______________________________________________________________

Lees: Lukas 10:25-37
Fokusgedeelte: Lukas 10:36,37

3) Ons kan baie filosofies praat oor wat barmhartigheid werklik is. Probeer om uit vers 33- 35 'n praktiese definisie te gee van wat barmhartigheid is.

   ______________________________________________________________
   ______________________________________________________________

4) Wat is die verskillende gevolge van barmhartigheid? (2Kor.9:11b-15)

   ______________________________________________________________
   ______________________________________________________________

5) Hoe kan daar lyne getrek word tussen om die Evangelie te verkondig en wanneer jy barmhartigheid aan iemand anders bewys?

## C: Fokus op die wêreld en die skepping



1) Besluit as gesin hoe julle teenoor iemand van u keuse prakties barmhartigheid gaan bewys.

2) Deel wenke uit oor hoe ons teenoor bedelaars (langs die paaie, by ons huise, by die werk) behoort op te tree.

## Notas

# Week 4:

# ’n Lewe van seën



## *Week 4 – Dagstukkie 1*

### SEËN IN DIE EREDIENS



**Skriflesing: 1Kronieke 16:1-6**

Al woon jy die erediens by net om die seën van die Here te ontvang, is dit al deur en deur die moeite werd.

Wanneer God seën, dan gebeur daar immers iets. God wens nie seën vir die mens toe nie en bid nie dat dit so mag wees nie. God sê dat dit so sal wees. Hy lê sy seën op die gemeente neer.

Sy Woord is skeppingsmagtig. Hy beveel net en dit het geskied. Hy is die Enigste wat iets aan mense kan toesê. Ons as mense kan die seën vir mekaar toebid of toewens, maar God kan dit toesê omdat Hy by magte is om te kan doen wat Hy sê.

Dit is daarom so belangrik om nie die twee momente in die erediens waar die Here seën - by ons te laat verbygaan nie.

Aan die begin van die erediens ontvang ons die ontmoeting- of aanvangseën of seengroet waar die Here Sy teenwoordigheid in die ontmoeting met Sy gemeente verseël. Met die seën ontvang Hy die gemeente in Sy heilige teenwoordigheid. Hy beloof dat Hy self teenwoordig sal wees in die byeenkoms.


Met die ontvangs van die seën weet die gemeente dat hulle voor die Aangesig van die Here verskyn. Die erediens is nie bloot ’n horisontale byeenkoms waar ’n groep gelowiges bymekaar kom nie, maar met die seën word die vertikale byeenkoms tussen die gelowiges met God ’n werklikheid. God is hier en God is die seënende God.

Hierdie byeenkoms kan natuurlik net plaasvind op grond van die GENADE en die BARMHARTIGHEID en die VREDE wat daar bestaan deur die soenverdienste van die Here Jesus Christus. Om die aangrypende van die aanvangseën te begryp kan ons dit in kontras stel met ’n ander moontlike scenario. Stel jou voor dat jy in ’n erediens inkom en die volgende word vir jou toegesê: Die VERDIENDE OORDEEL, die ONBARMHARTIGHEID en die VYANDSKAP van God word vir julle gegee.

Net so kan ’n mens jou nie indink watter troosteloosheid daar sou wees wanneer jy aan die einde van die erediens in die lewe moet ingaan met die volgende woorde nie: “Jou eieverdienste, die oordeel van die Here en alleenheid sonder die gemeenskap met die Heilige Gees en medegelowiges sal met jou wees.”

Dit bring ons by die voorreg om aan die einde van die erediens die erediens van die lewe in te gaan met die Wegstuurseën. Ons noem dit ook die seengroet.
Ons kan vanuit die erediens in die teenwoordigheid van die Seun, die Vader en die Gees die lewe ingaan met die wete dat Hy ook daar teenwoordig is en met ons meegaan.

Nadat ons as gelowiges die Here ontmoet het in die erediens, opnuut weer Sy noue gemeenskap ervaar het, weer die verlossingsboodskap van Jesus Christus gehoor het moet ons die, soms harde werklikheid van die daaglikse lewe tegemoetgaan. Om dit te doen onder die seënende hand van die Here is die grootste voorreg wat 'n mens kan hê.



### *Knoop vas!*

Wanneer die Here seën gebeur daar iets. So lê God sy seën op die gemeente in die begin van die erediens neer en so proklameer Hy weer Sy seën aan die einde van die diens op die gelowiges vir hulle alledaagse lewe as erediens

Dit is belangrik om iets te sê oor die ontvangs van die seën van die Here. Die uitspreek van die Here se seën gaan gepaard met die sigbare teken van uitgesterkte arms van die liturg. Dit simboliseer die oplegging van hande en die toesegging van die seën deur die Here self.
Daarom is die gebruik om te kyk na die liturg wat die seën uitspreek die mees logiese liggaamshouding. Die gelowige moet immers die seën in die geloof toe-eien. Hy moet dit ontvang en in die geloof sy eie maak. Dit is geen towerformule wat uitgespreek word nie en daarom is daar ook niks outomaties aan die handeling van die uitspreek van die seën nie.

Ruimte ontbreek om verder op die inhoud van die verskillende seënspreke in te gaan. God se seën beteken nie dat die gelowige gevrywaar sal word van alle teëspoed, siekte en beproewings nie, maar dat die genade van die Here, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees in alles by die gelowige sal wees.

Uiteindelik sal hierdie seëninge eers ten volle verstaan en beleef word in die ewige lewe vol heerlikheid saam met die Here. (Openb.22:7)



## *Doending*

Kyk doelbewus na die liturg/dominee wanneer hy die seën uitspreek en ontvang dit elke keer doelbewus van die Here.



## *Verdere Skriflesing*

Lukas 24:36-53
Openbaring 1

## Week 4 - Dagstukkie 2

### SEËN IN ONS VERHOUDING MET GOD



**Skriflesing: Efesiërs 1:3-14**

Die seën van die Here mag nie, en hoef gelukkig ook nie tot die erediens beperk te word nie. Die gelowige mag onder die seënende hand van die Here lewe. Dit was God se bedoeling van die begin af. Reeds nadat Hy die mens geskape hê, het Hy die mens GESEËN en gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde. Bewoon en bewerk dit." (Gen.1:22,28)

Anders as wat 'n mens verdien, onttrek God nie sy seënende hand aan hom na die sondeval nie. Indien die Here dit sou doen sal die mens nie vir 'n oomblik kan bestaan nie. Daarom herhaal Hy sy seën en opdrag aan Adam en Eva na die sondvloed wanneer hy vir Noag en sy seuns weer dieselfde seën en opdrag gee. (Gen.9:1)

Dink aan die vele uitsprake oor God se seën aan Abraham en sy nageslag. Die hele boek Genesis word gekenmerk deur die seëninge van die Here.

Die bedoeling is dat die volk van die Here met wie Hy 'n verbond gesluit het in Sy seënende teenwoordigheid moet lewe. Hierdie seën beteken in die eerste plek dat die volk in 'n lewende verhouding met die Here mag en moet lewe.


Aan sy volk belowe Hy dat die seëninge 'n land en 'n nageslag sal inhou en dat hulle daar versorg en beskerm sal word. Hy gee gevolglik aan sy priesters die bekende opdrag om Sy Naam oor die volk uit te roep en belowe dat Hy die volk dan sal seën: "Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!" (Num.6:24-26)

In die Nuwe Testament word die seën van die Here duidelik in die koms van Jesus Christus. Hy stuur sy Seun sodat mense kan deel in Sy seëninge. Tydens Sy lewe op aarde spreek die Here seëninge uit teenoor Sy volgelinge tydens Sy bergpreek en Hy seën ook die kindertjies wat na Hom toe gebring word.

Die seëninge van God word aan die mens egter eers duidelik in die verlossing wat Jesus Christus aan die kruis bewerk. Na Sy opstanding vaar Hy op na die hemel terwyl Hy Sy seënende hande oor sy dissipels en, deur hulle, oor Sy kerk uitgestrek hou.

Paulus som die seëninge op in die woorde: “Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.” (Ef.1:3) Hierdie seëninge word in die res van die loflied uitgewerk as komende van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

God se seën neem nooit die verantwoordelikheid van die mens weg nie. Hoewel die seën net genade van die Here is en nie verdien kan word nie, ontneem dit die geseëndes nie van hulle Verbondsverantwoordelikheid nie. Veral in die Ou Testament, in terme van die verbond, word dit duidelik dat die seën van die Here gekoppel word aan die gehoorsaamheid van die volk. (Deut.11:27) Die seëninge van die Here moet in geloof toegeëien word en vind plaas waar daar vrede en harmonie tussen God en sy volk is.



*Knoop vas!*

God het die mens geskep om onder sy seën vir Hom, tot seën hier op aarde te lewe.

Waar die volk voor Sy aangesig wandel, daar sal sy vriendelike Aangesig oor hulle skyn. “Dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.”(Rom.10:12)

Die teendeel is natuurlik ook waar en moet ook verkondig word. Die seëninge van die Here mag nie goedkoop gemaak word deur ’n lewe van ongehoorsaamheid nie, want dan sal die toorn en die vloek van die Here nie uitbly nie. (Deut.28:13-15)

Ons as gelowiges het die voorreg om onder God se seënende hand te lewe. Ons mag bid om Sy seën, ons mag hoop op Sy seën en ons mag lewe vanuit die seën van die Here.

Sy genade, barmhartigheid en vrede, sy liefde en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by ons bly.
Wanneer God dit belowe, dan sal dit so wees.



## *Doending*

Skryf die seëninge van die Here in jou lewe neer.



## *Verdere Skriflesing*

Deuteronomium 28:1-15
Numeri 6:22-27

## Week 4 - Dagstukkie 3

### SEËN IN ONS VERHOUDING MET MEKAAR



**Skriflesing: 2Korintiërs1:1-6 & 13:11-13**

Een van die grootste seëninge wat ons as gelowiges uit die hand van die Here ontvang is dat ons nooit in hierdie lewe alleen hoef te wees nie. Hierdie seëning put ons as gelowiges onder andere uit die laaste gedeelte van die bekende wegstuurseën/seengroet in 2Korintiërs 13 wat lui: “en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met julle wees.”

Dit is God se toesegging aan die gemeente in Korinte en aan Sy kerk oor alle eeue. Die Heilige Gees sal met julle wees. Een van die implikasies daarvan om met die Heilige Gees se gemeenskap geseën te wees, is dat die Heilige Gees ons as gelowiges aan mekaar in een gemeenskap saam verbind. Deur die werking van die Gees is ons mekaar se broers en susters. Ons is deel van dieselfde liggaam wat onlosmaaklik aan mekaar verbind is.

Hierdie gemeenskap van gelowiges is terselfdertyd ’n gemeenskap van geseëndes. Ons het almal deel aan al die seëninge van die God wat daar in Jesus Christus ons Here is. Wanneer ons Sondae in die erediens as geseëndes bymekaar kom, ontvang ons saam die seën van die Here. Wanneer ons uit die erediens uitgaan, doen ons dit ook weer saam onder die seënende hand van die Here.

Hierdie seën van die Here moet dan noodwendig ook oorvloei na mekaar toe in die week. Ons moet as geseëndes tot seën van mekaar in die alledaagse lewe wees.

Die seën het te make met ons voorbidding vir mekaar. Ons mag en moet tog immers vir mekaar bid dat die Here ons in ons unieke omstandighede mag seën.


Die gebruik om ook die seënbede vir mekaar toe te sing by spesiale geleenthede speel in die erediens en daarbuite ook ’n aangrypende rol. Dit gee die mens die heerlike troos wanneer medegelowiges jou toesing: “Laat, Heer, U seën op hul daal, U guns uit Sion hul bestraal! U wat beveel en - dit geskied, wil, Heer, U seën oor hul gebied!” (Psalm 134:4 berymd)

Die seën het ook te make met ons omgee vir en dade teenoor mekaar. Ons kan nie bid dat die Here iemand sal seën en dan praat ons agteraf kwaad van iemand, beledig iemand, ignoreer iemand of benadeel iemand nie.

Ons optrede as broer teenoor broer en suster teenoor suster moet getuig van die seëninge in ons lewe. Ons moet die seëninge van die Here laat oorvloei na mekaar toe.

Dit kan deur baie praktiese sake plaasvind soos waar gelowiges mekaar ondersteun, vir mekaar sorg, mekaar help. So kan iemand vanuit die finansiële seëninge van die Here van hierdie seëninge laat oorvloei na ander gelowiges.

Dit gaan egter nie net oor fisiese seëninge nie, maar ook oor die seëninge van ander mense wat jou bystaan in jou verhouding met die Here en jou bemoedig en selfs vermaan. Dit is 'n groot seëning as die Here iemand op jou pad stuur om jou op die regte pad te hou, of om jou in die wysheid van die Here te onderrig. Wat 'n seëning as daar ander mense is wat jou begelei of moeite doen om jou naby aan die Here te laat lewe en jou herinner aan die seëninge van die Here in jou lewe.



*Knoop vas!*

Een van die grootste seëninge wat ons in Jesus Christus van God ontvang is om deur die Heilige Gees vir mekaar tot seën te wees.

In dié sin moet ons in ons huwelike en gesinne vir mekaar tot seën wees. Dit is die nouste kring waarin ons as gelowiges saamgevoeg is. Wat 'n seëning van die Here om 'n getroue en liefdevolle huweliksmaat te hê wat jou bystaan in jou lewe.

Wat 'n seëning van die Here om 'n liefdevolle kind te hê wat vir jou vreugde en blydskap bring. Wat 'n seëning aan 'n bejaarde vader of moeder wanneer kinders op hulle oudag vir hulle sorg en omgee. Wat 'n seëning aan kinders wanneer die Here aan hulle ouers gee wat in liefde en getrouheid hulle begelei om naby die Here te wees.

Ons moet so op mekaar as gelowiges ingestel wees dat ons werklik tot seën van mekaar is. Ons moet wat ander gelowiges aan ons doen sien as seëninge uit die hand van die Here.

Saam moet ons hande vat om tot seën van mekaar, die wêreld en die skepping te wees.



## *Doending*

Dink aan iets prakties wat jy kan doen om die seëninge van die Here in jou lewe te laat oorvloei na 'n medegelowige.



## *Verdere Skriflesing*

Psalm 128
1 Samuel 2:18-21

# Week 4 – Dagstukkie 4

# SEËN IN ONS VERHOUDING MET DIE WÊRELD



## Skriflesing: Psalm 67

Om watter rede sal die Here ons seën?

Hierdie vraag is wesentlik belangrik wanneer ons oor die seën van die Here praat.

Ons moet erken dat die soeke na die seën van die Here vir ons baiekeer maar net oor onsself gaan. Ons gaan eredienste toe en ontvang die seën van die Here. Ons hoor en beleef opnuut deur die Woordverkondiging en sakramentsgebruik dat ons in Jesus Christus geseën is met al die seëninge van die Gees.

Maar om watter rede sal die Here ons seën?

Die digter van Psalm 67 het 'n buitengewone helder prentjie van God se doel met Sy seëninge aan die gelowiges wanneer hy in die Psalm die antwoord op die vraag gee: "SODAT Sy dade oor die wêreld heen bekend mag word en Sy reddende krag onder alle nasies. Mag die volke U loof, o God, mag al die volke u loof." (Ps.67:3,4)

Dit is uiteindelik God se bedoeling met alles op aarde. Dit is hoekom Hy die mens geskep het en die mens van die begin af geseën het, sodat alle volke aan Hom die eer sou bring.


Hierdie lyn is dwarsdeur die Ou Testament en veral in die Nuwe Testament te vind. Dit staan baie eksplisiet in die roeping van Abraham: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees." (Gen.12:1-3)

Dit bly God se bedoeling. Hy kies vir Hom mense en Sy volk uit en seën hulle met Sy seëninge sodat hulle weer tot seën in die wêreld kan wees. Sodat ander nasies en ander mense wat Hom nie ken nie, kan deel in Sy seëninge en so aan Hom die lof en eer bring wat Hom toekom. Hierdie seen hef egter geensins die God geskape verskeidenheid op nie.

Met die koms van Jesus Christus word hierdie visie van God duidelik wanneer God in Jesus Sy seëninge uitstort oor alle mense. Nou maak dit nie meer saak of jy man of vrou is, Jood of Griek is, slaaf of vryman is nie.

Geseënde in Jesus Christus, wat maak jy met die seëninge wat jy van die Here ontvang het? Bring jou leefwyse, jou woorde en jou dade seën vir die mense rondom jou?

Dink aan Josef. Wanneer die Here hierdie dienskneg van Hom in Potifar se huis laat aanstel as slaaf, lees ons: "Toe Potifar, Josef se eienaar, sien dat die Here by Josef is en dat die Here alles wat Josef aanpak, laat slaag, was Potifar hom goedgesind. Hy het Potifar se persoonlike slaaf geword en Potifar het hom aangestel oor sy hele huishouding, en al sy besittings is onder Josef se sorg geplaas. Van toe af het die Here die huis van die Egiptenaar geseën. Dit was oor Josef dat die Here dit gedoen het. Die seën van die Here het gerus op al Potifar se besittings, dié in sy huis en dié in die veld. (Gen.39:4,5)



*Knoop vas!*

God seën die mens sodat die mens tot seën van ander kan wees sodat hulle God ook kan loof.

God se seen is so groot dat ons dit nie vir onsself kan hou nie, en kan en moet deel met die wêreld om ons.

Die vraag is dus: In die praktyk van die lewe: Kan ander deur jou God se seënende teenwoordigheid leer ken? Dit is hoekom die Here jou in 'n bepaalde klas by die skool plaas, of vir jou 'n sekere kamermaat in die koshuis gee. Sodat jy die seën van die Here daar kan uitdra.

Dit is hoekom die Here ons as gemeente hier geplaas het en ons met Sy seënende teenwoordigheid begenadig. Sodat ons die teenwoordigheid van God weer vir ander kan vertoon.



## *Doending*

Dink aan iets prakties wat jy kan doen om die seëninge van die Here in jou lewe te laat oorvloei na die wêreld om jou.



## *Verdere Skriflesing*

Genesis 12:1-4
Handelinge 27:13-26

## Week 4 - Dagstukkie 5

## SEËN IN ONS VERHOUDING MET DIE SKEPPING



**Skriflesing: Genesis 1:26-2:4**

Die seën wat ons van die Here ontvang moet van ons af uitvloei. Nie net op mekaar en op die wêreld nie, maar ook op die hele skepping van die Here.

God wil sy skepping deur die teenwoordigheid van die mens seën. Met die skepping van die mens lees ons die volgende: "God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip." (Gen.1:27,28)

Hier word die seën van die Here aan die mens direk gekoppel aan sy taak om die aarde te bewoon, te bewerk en te beheers. Die bedoeling is dat daar harmonie tussen God, sy skepping en die mens moet wees. Die Here seën die mens deur vir hom 'n skepping te gee om in te lewe en die Here seën die skepping deur vir hom die mens te gee om tot seën te wees.

Hoe ironies is dit dat God na die sondeval vir die mens se: "Omdat jy na jou vrou geluister het en geëet het van die boom waarvan Ek jou verbied het om te eet, is die aarde deur jou toedoen vervloek; met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank; die aarde sal vir jou dorings en dissels laat uitspruit, en jy sal veldplante eet; net deur harde werk sal jy kan eet, totdat jy terugkeer na die aarde toe, want daaruit is jy geneem. Stof is jy, en jy sal weer stof word." (Gen.3:17-19)


In plaas van tot seën wees veroorsaak die mens deur sy sonde dat die aarde vervloek word.

Ons wat in Jesus Christus en die Heilige Gees nuwe lewe ontvang het, behoort weer te besef dat ons 'n verantwoordelikheid tot seën het teenoor die skepping van die Here. Ons durf nie toelaat dat ons leefwyse, selfsug en soeke na eie roem die aarde vernietig nie.

Waar die gelowige boer, daar moet die skepping kan juig en in staat wees om sy oes op te lewer. Daar waar die Christene woon moet die skepping skoon gehou word van besoedeling.

Waar die Christen tot seen van die skepping moet wees as uitvloeisel van Sondag se erediens – daar sal ons ook ‘n gesonde aarde sien. Ons mag nie vergeet dat die Here Sy seëninge ook deur Sy skepping op ons as mense uitstort nie. So ervaar ons gewoonlik die eerste lentereëns na ’n dor winter as seëninge van die Here.

En watter heerliker plek as hier in die bosveld om dit te beleef nie.



*Knoop vas!*

God seën die mens sodat hy tot seën van die skepping moet wees. God seën die skepping sodat dit tot seën vir die mens moet wees.

Ook in die Ou Testament word die seëninge van die Here baie direk aan die skepping gekoppel. Die land wat oorloop van melk en heuning is ’n land waaroor die Here Sy hand hou. So belowe die Here aan Sy volk dat wanneer hulle in harmonie met Hom lewe, die land geseën sal wees. (Deut.26:15). Die teenoorgestelde sal ook gebeur. Wanneer die volk ongehoorsaam is aan die Here sal die skepping teen die mens draai en sal daar misoeste op die lande wees. (Deut.28:38-40)

Elke plantjie wat opkom, elke vrug wat gedra word, elke stukkie kos op ons bord is daarom seëninge van die Here. Wanneer die Here Sy seën oor die skepping gebied, dan ontvang ons op die wyse direk en indirek die seëninge van die Here.

Wanneer ons besef wat al die seëninge van die Here in ons lewe is, en ons lewe in gehoorsaamheid aan die Here, dan seën die Here die skepping ook.



## *Doending*

Dink aan iets prakties wat jy kan doen of verander om die seëninge van die Here in jou lewe te laat oorvloei na die skepping.



## *Verdere Skriflesing*

Psalm 8
Deuteronomium 11:8-18

# HUISGODSDIENS: WEEK 4

## ‘n Lewe van seën

### Koppelgedeelte

*(Laat iemand in die groep die volgende gedeelte hardop voorlees)*

Tydens die erediens stort die Here Sy seën twee keer oor ons as gemeente uit.

Aan die begin van die erediens ontvang ons die ontmoetings- of aanvangseën waar die Here Sy teenwoordigheid in die ontmoeting met Sy gemeente verseël. Met die seën ontvang Hy die gemeente in Sy heilige teenwoordigheid. Hy beloof dat Hy self teenwoordig sal wees in die byeenkoms.

Aan die einde van die erediens word ons met die seëngroet van die Here die lewe ingestuur. Die erediens loop uit en gaan voort in ons lewe elke dag.

Wat ‘n voorreg om geseën te word, en om onder die daadwerklike seën van die Here te aanbid en te lewe. Waar die Here seën gebeur daar immers iets.

Die dagstukkies hierdie week het gehandel oor:

- Seën in die erediens
- Seën in ons verhouding met God
- Seën in ons verhouding met mekaar
- Seën in ons verhouding met die wêreld
- Seën in ons verhouding met die skepping

Die Here roep Sy kinders, en dus Sy kerk, om tot seën van ander te wees. Hierdie roeping is van die begin van die skepping af die bedoeling van die Here. Mag ons deur die loop van hierdie byeenkoms opnuut weer onder die indruk gebring word van ons roeping as gelowiges.

Mag ons tot seën van ander wees...

## A: Fokus op mekaar



1) Wat is die heel grootste seëning wat jy van die Here ontvang het. Noem telkens 'n geestelike- en aardse seëning.

## B: Fokus op die Here



**B1 – Ons met die Here**

*Gebedsvoorstelle:*

1) Dank die Here vir van die seëninge wat julle in die voorafbespreking opgenoem het.
2) Bid om die seën van die Here in die bespreking vanuit sy Woord.

**B2 – Die Here met ons**

1) Wat hou die seën van die Here vir ons as sy kinders in? (Ef.1:3-14, 2Tim.1:2, 2Kor.13:13)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

2) Beteken die seën van die Here dat jy hier op aarde altyd aardse voorspoed sal geniet? (Matt.6:33, 1Petr.4:12-16, Matt.5:4,10)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

3) Wat is die verhouding tussen die seën wat ek van die Here ontvang en die seën wat ek in hierdie wêreld moet uitlewe? (Gen.12:2-3)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

4) Wat beteken dit prakties om tot seën van die wêreld te wees? (Gen.39:5-6, Jer.29:4-7, 1Kon.13:6, Matt.5:13-15, 1 Petr.3:9,11

______________________________________________________________

______________________________________________________________

5) Wat dink julle is die verband tussen die seënendehemelvaart van die Here en die groot opdrag wat Hy aan sy kerk gee? (Luk.24:48-51)

6) Kan 'n gelowige die seën oor iemand anders uitspreek of mag jy net die seën vir iemand toebid?

## *C: Fokus op die wêreld en die skepping*


1) Dink elkeen oor hoe jy, al is dit op 'n skynbare klein wyse, tot seën vir ander kan wees.

2) In watter mate sal die gemeenskappe van Dendron/Vivo/Alldays/Weipe minder geseënd wees as ons gemeente nie bestaan het nie?

## *Notas*

# Week 5:

# Amen



# Week 5 – Dagstukkie 1

## AMEN IN DIE EREDIENS



### Skriflesing: Nehemia 8:1-9

Dit sal so wees! Verseker! Amen!

Nie ek dink dit sal so wees, ek wens dit sal so wees, miskien sal dit so wees, ek bid dat dit so sal wees of mag dit so wees nie. Dit is waar en seker.

Eintlik durf geen mens hierdie woord onder enige omstandighede gebruik nie. “Kom nou, julle wat sê: “Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en ’n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak. Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar ’n damp wat ’n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn.” (Jak.4:13-14)

Tog gebruik ons die woord tydens elke erediens ten minste vyf keer want die erediens is ’n plek waar ’n mens wel die woord “amen” mag gebruik. Die rede hieragter is dat ons “amen” sê, nie op beloftes wat mense maak nie, maar in reaksie op wat God sê en wat God belowe.

Die hele erediens is hierdie tweegesprek tussen God en mens en niks anders of enige mens – behalwe God se Woord mag sentraal staan in die erediens nie.

Dit is die wesentlike verskil tussen Gereformeerde kerke en ander.


Hierdie sekerheid lê in die feit dat die erediens ’n ontmoeting met die lewende God is wat nie soos ’n damp is wat ’n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn nie. Hy sluimer nie in nie en Hy slaap nie. Hy kan doen wat Hy sê Hy sal doen en Hy sal in Sy getrouheid doen wat Hy beloof het.

In die erediens is al die amen’s die gemeente se amen’s. Dit is nooit die amen van die liturg/dominee alleen nie, maar altyd die amen van die gemeente.

God spreek sy seën uit en ons sê “amen” daarop. Na die geloofsbelydenis in die Drie Enige God sê ons “amen”. Elke gebed in die Naam van Jesus Christus word bevestig met “amen”. Die seëngroet en die hele erediens word afgesluit met “amen”. God en sy beloftes is waar en seker. En so gaan ons uit die erediens.

Wat ’n voorreg om in die onsekere wêreld met sekerheid te lewe. Met Godgegewe sekerheid te lewe.

Dalk moet ons versigtigerwees om "amen" te sê. Bv. wanneer u oordeel dat die prediking nie die Woord van God is nie, maar dwalleer. Die gelowiges word immers opgeroep om nie "die profetiese uitsprake van dié wat die boodskap van God verkondig, gering te skat nie, maar om dit alles te toets, te behou wat goed is, en weg te bly van alles wat sleg is." (1 Tess.5:20-22)



*Knoop vas!*

Amen hoort in die erediens want dit is hier waar God homself en sy beloftes aan sy kinders verseker en sy kinders dit in die geloof toe-eien deur daarop "amen" te sê.

Die ander kant is natuurlik ook waar. Indien jy "amen" sê op die preek as verkondiging van God se Woord, verbind jy jouself om daarvolgens te gaan lewe. Jy erken dit as verkondiging van die Woord van die Here en nie die blote woorde van die prediker nie. Jy eien dit toe deur "amen" daarop te sê.

Die amen's in die erediens is daarom verbintenisse. Dwarsdeur die erediens word jy opgeroep om te beoordeel en om jouself te verbind aan God, Sy Woord en Sy beloftes. Dit dwing ons om doelbewus in die geloof te reageer.

So gesien word elke amen ook 'n geloofsgetuienis. Jy sê "amen" teenoor God, teenoor jouself, teenoor mekaar en teenoor die wêreld. Dit is waar en seker!



## *Doending*

Besluit elke keer in die erediens of jy die betrokke "amen" gaan sê - al is dit net stil en in jou hart - of nie.



## *Verdere Skriflesing*

Deuteronomium 27:9-26
1Kronieke 16:1-6, 34-36

# Week 5 – Dagstukkie 2

## AMEN IN ONS VERHOUDING MET GOD



**Skriflesing: 2Korintiërs 1:17-24**

Dink 'n bietjie saam oor hoe groot die behoefte aan getrouheid, waarheid en sekerheid in ons lewe is.

Ons as mense leef in 'n wêreld vol onsekerhede. Ons eie bestaan is onseker. Niemand weet wat die dag van more gaan inhou nie.

Verder is daar 'n totale gebrek aan getrouheid en betroubaarheid.

Mense soek naarstigtelik na geregtigheid. Dat mense se "ja" "ja" en hulle "nee" "nee" moet wees. Dat daar nie twyfel is of iemand die volle waarheid praat of nie.

Juis daarom is die Evangelie van Jesus Christus se koms na die aarde sulke goeie nuus. God, wat deur die eeue beloftes gemaak het, het daardie beloftes elkeen nagekom. Toe Hy Sy Seun na hierdie wêreld gestuur het, het Hy die stempel op al sy beloftes gesit.

In die brief aan die gemeente in Laodisea openbaar Jesus Christus hom soos volg: "So sê die Amen, die geloofwaardige en ware getuie, Hy deur wie God alles geskep het." (Openb.3:14)


Jesus Christus, die Seun van God is nie "ja" en "nee tegelyk nie. Hy is die "ja" van God, die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê." (2Kor.1:19,20) Die 33/53 vertaling sê: "Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen."

Dit is daarom net Jesus Christus wat van Sy eie woorde kan sê "amen" of soos dit vertaal is: "Ek verseker julle" of "Voorwaar – Ek sê vir julle." Hy kan dit gebruik omdat Sy woorde waar is en waar sal word. Hy gebruik nie die amen omdat Hy nie uit Homself genoeg gesag gehad het nie, maar elke keer as Hy dit gebruik openbaar Hy iets van sy Goddelike natuur en gesag waarmee Hy praat.

Daar is in sommige kerke en by sommige Christene deesdae die vreemde manier om Goddelike gesag aan menslike woorde en "profesiee" te koppel. Daarmee verhef die persoon homself of sy uitsprake of profesieë tot Goddelike gesag.

Die enigste manier hoe die onbetroubare mens deel kry aan die betroubare God is alleen deur "amen" te sê op die "Amen" van God, Jesus Christus.

Jesus Christus is die getroue Getuie. Jesus Christus is die waarwording van die beloftes van God ook vir my. Daarom sluit die Bybel ook as volg af: "Hy wat dit alles getuig, sê: "Ja, Ek kom gou!" Amen! Kom, Here Jesus!Die genade van die Here Jesus sal by almal wees. (Openb.22:20-21)



*Knoop vas!*

Jesus Christus is God se "ja" en "amen" en alleen daarom het ons as gelowiges vastigheid en sekerheid.

Ons word geroep om deur die Gees saam met die vier lewende wesens in die openbaring rondom die troon "amen" te sê. "Die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is, het ek hoor sê: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid." Die vier lewende wesens het gesê: "Amen!" En die ouderlinge het gekniel en God aanbid. (Openb.5:13,14)

Ons moet dus nie net in die erediens "amen" sê nie, maar in ons hele lewe. Ons moet in die onsekere bestaan vanuit die sekerheid lewe dat Jesus Christus ons Verlosser en Middelaar is. Elke oggend moet ons "amen" sê op elke nuwe dag wat vir ons gegee word. In oomblikke van onsekerheid en twyfel moet ons "amen" sê en vasgryp aan die beloftes van die Here.

Niks kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus ons Here is nie.



## Doending

Kyk op hoeveel dinge wat jy die week uit God se Woord lees kan jy AMEN se. En doen dit.



## Verdere Skriflesing

Jakobus 5:13-17
Matteus 18:1-5,10-20

## Week 5 – Dagstukkie 3

### AMEN IN ONS VERHOUDING MET MEKAAR



**Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1,2; 12:1-3**

Die bekende eerste vraag en antwoord van die Heidelbergse Kategismus is vandag ons vertrekpunt: "Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?" Ons kan ook vra: "Wat is jou enigste SEKERHEID in lewe en in sterwe?"

Die antwoord ken ons: "Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe."

As gelowiges lewe ons vanuit hierdie sekerheid en met hierdie troos. Dit is ons taak om mekaar voortdurend aan hierdie sekerheid te herinner. Dit is juis om hierdie rede dat die "amen" in die erediens 'n gesamentlike "amen" is. Daar kom dae wat gelowiges selfs in die beloftes van God twyfel. Daar kom dae wat ons as gelowiges nie die vrymoedigheid het om "amen" te kan sê op die seën van die Here of op die gebed tot die Here nie. Daar kom dae wat die verkondiging van die Woord van die Here op 'n harde en onvoorbereide saailand val en so onwerklik klink dat 'n mens nie daarop "amen" kan sê nie.


Dit is juis op hierdie dae so belangrik om in eredienste saam met ander gelowiges te vergader om die gesamentlike "amen" in die erediens te hoor. Dit is juis in die erediens waar ons waarborge en geborgenheid van 'n lewende verhouding met God en Sy gelowiges hoor. Dit is in die erediens waar ons, al kan ons nie met oortuiging self sê nie, ten minste hoor as ander gelowiges "amen" sê. Dit is die erediens wat ons herinner en opnuut laat besef watter voorreg ons is om, in hierdie onsekere wêreld, in 'n gemeenskap te leef wat sekerheid het.

So versterk en bemoedig ons mekaar. Dink net aan hoeveel keer die Here ons in sy Woord oproep om deur mekaar se geloof bemoedig te word. (Hebr.11, 12:1)

Natuurlik moet die "amen" nie tot die erediens beperk word nie. In ons gesinne, by Bybelstudies en by ander geleenthede moet ons mekaar bemoedig en versterk en verseker van die beloftes van die Here.

Hierdie versekering gaan uiteraard ook verder as ons woorde. Wanneer ons verbind is aan God se "Amen" en wanneer ons Sy beeld al hoe meer vertoon, moet ons lewe al meer en meer gekenmerk word deur betroubaarheid in ons verhouding met ander.

Om hierdie rede is 'n aspek van die vrug van die Heilige Gees "getrouheid." (Gal.5:22) Dit is daarom hartseer as 'n gelowige wat bely dat Hy aan die getroue God behoort en met groot oortuiging tydig en ontydig "amen" sê, ontrou is in sy optrede teenoor medegelowiges.



### *Knoop vas!*

Dit is binne in die geloofsgemeenskap waar ons versterk word om met groter oortuiging te kan "amen" sê op God en sy beloftes.

Kom ons spoor mekaar aan, kom ons bemoedig mekaar, kom ons kom tot inkeer en kom ons maak dit vir mekaar makliker om met groter oortuiging nie net "amen" te sê nie, maar ook in geloofsvertroue te lewe.

Uiteindelik moet ons mekaar daarop wys dat ons alleen maar kan "amen" sê op God en Sy beloftes. Ons moet mekaar so ondersteun en rig dat ons verby mekaar na die enigste getroue Verlosser en Saligmaker Jesus Christus kyk. Amper soos 'n pa wat vir sy kind sê: "Moenie na my kyk nie, moenie doen net wat ek doen nie, doen wat ek vir jou sê en kyk na Wie ek jou wys. Jou sekerheid lê buite jouself in Jesus Christus."



## *Doending*

Maak 'n punt daarvan om, sover dit in jou vermoë is, om met iets klein te begin bv nie laat te kom vir afsprake nie.



## *Verdere Skriflesing*

Hebreërs 13:1-19
1 Timoteus 3:1-13

## Week 5 – Dagstukkie 4

### AMEN IN ONS VERHOUDING MET DIE WÊRELD



**Skriflesing: Filippense 2:12-18**

Die wêreld waarin ons as gelowiges leef, God se wêreld, is 'n wêreld wat volgens Paulus ontaard en korrup is. Dit is krom en verdraai.

Weens die sondigheid is die wêreld weggebuig van die waarheid, dit het bederf geword. Ontrouheid, bedrog en leuens is kenmerkend van die lewe hier op aarde. Dit is ook 'n wêreld wat deur tydelikheid en onsekerheid oorheers word.

Dit is in hierdie wêreld waarin ons as gelowiges geroep word om as ligdraers op te tree.

'n Ligdraer is nooit die lig self nie, maar dra of weerkaats maar die Lig wat na hom toe kom. Ons opdrag is om die Woord van die lewe uit te dra. (vs.16)

So moet ons die sekerheid van 'n getroue God in die ontroue en onsekere wêreld weerkaats. Ons moet verkondig dat 'n mens nou al in hierdie lewe kan "amen" sê. Dat daar iets is wat vas en seker is en dat daar Iemand is wat vir die mens 'n sekerheid kan bied.

Wanneer ons dit nie doen nie, lewe mense in onsekerheid en sterf hulle in onsekerheid.

Dit is tog opvallend dat Paulus in die gedeelte nie net praat van die Woord wat uitgedra moet word nie, maar dat ons ligdraers tussen ontaarde en korrupte mense moet wees deur te sorg dat ons "bo verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God."

Ons moet daarom ons bes probeer om opreg te wees van binne. Ons moet nie dubbele agendas hê nie. Ons "ja" moet "ja" en ons "nee" moet "nee" wees. Ons oggend- en aandpraatjies moet dieselfde wees..... dan sal ons ook opreg wees na buite.

Ons moet die vrug van "getrouheid" uitlewe nie net onder mekaar nie maar ook onder die ongelowiges met wie ons elke dag te make het.

'n Stabiele en getroue lewe in ons huisgesinne, in die wyse hoe ons besigheid doen en in die wyse hoe getrou ek in my werk ofn studies is, word alles getuies van 'n verhouding met 'n getroue God in wie ons glo.

In die opsig moet ons lewe as gelowiges anders wees. Ons moet ook in die opsig sout in die wêreld wees. Ons moet vastigheid bied in ’n wêreld van onsekerheid.

> ***Knoop vas!***
>
> Ons wat deel het aan die sekerheid in Jesus Christus moet die amen op God en sy beloftes aan die wêreld verkondig en met ons lewe bevestig.

Ons moet eerbaar wees in ’n wêreld van oneerlikheid. Ons moet betroubaar wees in ’n wêreld van ontrouheid. Ons moet met ’n vaste sekerheid op die ewigheid lewe in ’n wêreld wat kortstondig en verganklik is. Ons moet sekerheid en hoop op ons Here uitleef in ’n wêreld sonder hoop.

Vanuit die verklaring van “amen” in ons eredienste moet die sekerheid in die wêreld ingedra, inverkondig en ingelewe word.

Daarom moet die amen in die eredienste ons versterk om binne in hierdie wêreld getrou te bly aan die Here.

Mag die Here self van ons getuig: “Ek ken die plek waar julle bly, daar waar die troon van die Satan is. Tog bly julle aan my Naam getrou en julle het nie julle geloof in My afgesweer nie, selfs nie in die tyd toe Antipas, my getroue getuie, doodgemaak is daar by julle waar die Satan bly nie.” (Openb.3:13)

## *Doending*

Verduidelik vir iemand anders wat die woord amen beteken en wat dit vir jou beteken.

## *Verdere Skriflesing*

Daniël 6:1-17
Openbaring 3:12-17

# Week 5 – Dagstukkie 5

## AMEN IN ONS VERHOUDING MET DIE SKEPPING



**Skriflesing: Genesis 9:8-19**

So seker as wat die son more sal skyn. Na die winter kom die lente, dan die somer en dan die herfs. So volg die een jaar op die ander. Ons kan nou al bepaal hoe laat die son op ’n spesifiek dag oor twintig jaar gaan opkom.

Indien jy ’n klip die lug in opgooi gaan hy weer afkom. Daar is sekere wetmatighede in die natuur waaraan jy as mens nie kan verander nie. Dit was so en dit is so en dit sal so wees.

Daar is ’n stuk vastigheid en sekerheid in die skepping ingeskape wat lewe op aarde moontlik maak. So het God dit geskep en so hou God dit in stand. Dit is asof die skepping daarmee “amen” sê op die wonder van God se skepping. Dit is waar en seker.

Ons as gelowiges, vir wie die skepping ook openbaring van God is, vind hierin ’n herinnering aan die ewige en getroue God. Dit versterk ons geloof in God wat alles wonderlik en ordelik geskep het.

Tog is daar ook in die skepping voortdurende verandering. Plante en diere lewe en sterwe weer. Seisoene kom nie net nie maar gaan ook weer verby. Erosie deur wind en water verander landskappe. Nuwe riviere word gevorm en ou riviere droog op. Klimaat verander. Soms is daar droogtes en ander kere is daar oorstromings.

Vanuit die Bybel weet ons dat die skepping as gevolg van die sondeval ook aan verval onderworpe is. Daarom sterf plante en diere. Daarom val sterre uit die hemelruim. Daar is iets onbevredigend aan die skepping wat in Romeine 8 as ’n versugting beskryf word. Daar is ’n stuk hartseer en terselfdertyd ook ’n verlange na ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde.


Ook dit moet ons nie miskyk nie. Die amen van die skepping is nog onvolledig.

Uiteindelik is dit net God wat onveranderlik is. Hy is buite en groter as Sy skepping en daarom is die sekerheid in die skepping ook van God afhanklik.

Ons kry in die Woord voorbeelde waar God teen die wetmatigheid van die natuur ingegryp het. Hy kan ’n storm laat bedaar. Hy kan die see laat opdroog. Hy kan sprinkaanplae stuur. Hy kan die son laat terugdraai. Hy kan aardbewings laat plaasvind en weerlig en hael stuur. Hy kan bevel gee dat dit vir veertig dae en nagte aaneen reën en Hy kan ook weer beveel dat dit ophou reën.

Net Hy kan die versekering gee dat die aarde nooit weer deur water oorspoel sal word nie. Hy het die laaste sê oor wat in die skepping gebeur.

Om ons hiervan te verseker gee Hy vir ons en vir al die lewende diere ’n teken: “En God het gesê: Dit is die teken van die verbond wat Ek sluit tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, vir ewige geslagte: my boog gee Ek in die wolke; dit sal ’n teken wees van die verbond tussen My en die aarde. As Ek dan wolke oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolke, dan sal Ek dink aan my verbond wat daar bestaan tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees. En die waters sal nie meer ’n vloed word om alle vlees te verdelg nie. As die boog dan in die wolke staan, sal Ek dit aansien om gedagtig te wees aan die ewige verbond tussen God en al die lewende wesens in alle vlees wat op die aarde is.” (Gen.9:10-16)



### Knoop vas!

Die sekerhede in die hele skepping lê nie in die skepping self nie maar in God se beheer van die skepping.

As gelowige is ons geskep en herskep met ’n bepaalde opdrag teenoor die skepping. Ons ontvang ’n verantwoordelikheid wat ons in getrouheid moet nakom. Op ’n manier is die skepping van ons getrouheid afhanklik. Ons moet plante water gee, ons moet waak dat diere nie uitsterf of van die honger omkom nie, ons moet met verantwoordelikheid en volhoubaarheid boer, ons moet sorg dat daar kos vir mens en dier is. Ons moet siektes en peste verantwoordelik beveg. In die opsig kyk die natuur na ons en maak die skepping staat op ons getrouheid aan die opdrag van die Here.

Uiteindelik is daar nog ’n belofte van die Here wat ons moet glo en waarop ons moet “amen” sê. Dit is die belofte dat alles afstuur op ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde. Op daardie dag sal die verganklikheid en onsekerheid verby wees en die skepping sal in alle opsigte “amen” kan sê op die Skepper se werk.



## Doending


Wees getrou in die versorging van die plante en diere wat van u afhanklik is.



## Verdere Skriflesing

Jesaja 65:17-25
Matteus 8:23-34

# HUISGODSDIENS: WEEK 5



## ‘n Lewe van sekerheid

### Koppelgedeelte

*(Laat iemand in die groep die volgende gedeelte hardop voorlees)*

Dit sal so wees! Verseker! Amen!

Nie ek dink dit sal so wees, ek wens dit sal so wees, miskien sal dit so wees, ek bid dat dit so sal wees of mag dit so wees nie. Dit is waar en seker.

Eintlik durf geen nietige mens hierdie woord onder enige omstandighede gebruik nie, want hoe sal ons ooit kan seker wees van enige iets?

Tog gebruik ons die woord tydens elke erediens verskeie kere. Die erediens is ‘n plek waar mens wel die woord amen mag gebruik. Die rede hiervoor is dat ons “amen” sê, nie op beloftes wat mense maak nie, maar in reaksie op dit wat God sê en wat God belowe.

Al die sekerheid lê in die feit dat die erediens ’n ontmoeting met die lewende God is wat nie soos ’n damp is wat ’n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn nie. Hy sluimer nie in nie en hy slaap nie. Hy kan doen wat Hy sê Hy sal doen en Hy sal in sy getrouheid doen wat Hy beloof.

Wat ‘n voorreg om in die onsekere en onbetroubare wêreld met sekerheid te kan lewe. Die koms van ons Here Jesus Christus is die bevestiging dat God se beloftes waar en seker is.

As gelowiges word ons geroep om doelbewus met “amen” te reageer en te antwoord op God se beloftes. Daarmee eien ons Sy beloftes vir onsself toe.

Die dagstukkies hierdie week het handel oor:

- Amen in die erediens
- Amen in ons verhouding met God
- Amen in ons verhouding met mekaar
- Amen in ons verhouding met die wêreld
- Amen in ons verhouding met die skepping

Hierdie sekerheid wat ons in Jesus Christus ontvang en wat ons Sondag vir Sondag in die eredienste bevestig met “amen” moet ons in die wêreld indra en uitleef. Ons moet verkondig dat Jesus die “Amen” van God is en dat daar in Hom alleen sekerheid te vind is.

Hierdie is die laaste kleingroepbyeenkoms van Fokustyd 2016. Dit is my bede dat hierdie byeenkomste daartoe sal bydra dat ons met al hoe meer sekerheid in hierdie wêreld leef.

## A: Fokus op mekaar

1) Vertel mekaar hoe lekker sou dit wees as elkeen se ja sy ja sou wees.

## B: Fokus op die Here

**B1 – Ons met die Here**

*Gebedsvoorstel:*

1) Skryf voor julle bid ‘n paar van die beloftes van die Here neer waarvoor julle die here kan dank omdat jy nou weet dat dit waar is.

**B2 – Die Here met ons**

1) Die Heidelbergse Kategismus antwoord soos volg op die vraag: “Wat beteken die woord Amen?” “Amen wil sê: Dit is waar en seker.” Gesels, aan die hand hiervan oor die betekenis van die woordjie amen waar dit in die erediens gebruik word. (Seën, geloofsbelydenis, gebed, preek, einde van diens)

2) Hoe kan ons as gelowiges seker wees van die beloftes van God? (2Kor.1:19-20, Rom.15:8-12)

3) Op watter wyse kan gelowiges ligdraers in ’n onsekere wêreld wees? (Fil.2:15, Matt.5:33-37)

4) Wat was die kenmerk van die lewe van Daniel aan die hof van koning Darius en watter getuieniskrag het dit gehad? (Dan.6:5-6, 27)

## C: Fokus op die wêreld en die skepping

1) Wees in jou huisgesin en by jou werk iemand op wie ander kan staatmaak.

2) Hoe kan ons as gelowiges die sekerheid van God in die wêreld verkondig en uitleef?